Julie - Augustus 2022

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 21, No. 4 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul & Aug 2021 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Sê totsiens vir "Mamma" en "Pappa"

Om die Britse joernalis en TV-persoonlikheid, Piers Morgan, aan te haal: "Het die wêreld gek geraak?" Dit wil so voorkom, maar helaas, daar is meer as dít hieraan verbonde – daar is 'n beplande agenda agter hierdie dwaasheid. Dit is nodig om die geheelbeeld van wat besig is om te gebeur, te verstaan, want alhoewel ek my bes doen om die positiewe kant van dinge in hierdie rubrieke te probeer aandui, is ons wêreld besig om met rasse skrede agteruit te gaan.

Daar is egter lig aan die einde van die tonnel en dit word in die bladsye van die Bybel aangedui, maar hierdie selfde Bron openbaar dat die mensdom eers op die rand van algehele vernietiging sal kom (Matthéüs 24:21-22). Ons wêreld is besig om gereed gemaak te word vir daardie vernietiging, selfs terwyl u hier lees en die einde is nie ver in die toekoms nie. Ons weet nie al die fynere besonderhede asook die presiese tyd nie, maar ons het kennis van die geheelbeeld soos wat dit in daardie Boek van alle boeke geopenbaar word. Hierdie geheelbeeld wat in Bybelse profesieë vervat word, is iets wat ons al dekades lank verkondig, alhoewel ons weet dat ons wêreld in 'n afwaartse spiraal sal voortgaan, is dit steeds pynlik om dit te sien gebeur.

Ons streekdirekteur van Australasië, mnr. Rob Tyler, het onlangs 'n skakel van 'n artikel uit die *Daily Mail* aan my gestuur met die opskrif: "Melbourne-skole word versoek om op te hou om 'mamma' of 'pappa' te sê om meer 'geslagsinklusief' te wees". Kan daar groter dwaasheid as dit wees? Waar het ons vandaan gekom? Hoe hard hulle ookal probeer: Ons benodig nog steeds 'n biologiese vroulike eiersel en 'n spermsel van 'n biologiese man. Dit is wetenskap – iets waarvan ons deesdae baie hoor! Dit is weersinwekkend dat selfs die sogenaamde "wetenskap" 'n politieke klub geword het om sy teenstanders te dwing om hieraan toe te gee.

**Waarom die Bybelse familie saak maak**

Dit wat lyk soos 'n wêreld wat besig is om kranksinnig te raak, is die handewerk van sosiale kwaadstokers wat strategies te werk gaan. Hulle is meesters op die gebied van verandering van die gedrag van die samelewing op verskillende maniere – veral deur die gebruik van taal. Soos wat ek al voorheen geskryf het, was ek in die middel van die sestiger jare besig om op universiteit te studeer en my klasgelde en uitgawes as opsigter te verdien. Op 'n dag is daar vir my gesê dat ons nie meer opsigters genoem word nie. Ons was nou toesighouers genoem, maar niks anders het verander nie. Ek was nog steeds besig om toilette en urinale skoon te maak en vensters te was. Hoe onskuldig dit ook al gelyk het, was die verandering

deel van groter druk om ons denke op talle terreine te verander. Huisvrouens het tuisteskeppers geword, wat later huishoudelike ingenieurs geword het, maar uiteindelik is daar neergesien daarop om tuis te bly en die gesin – onder enige benaming – te versorg. Dit is verstommend dat hierdie vrouens en moeders bespot word in 'n wêreld wat daarmee spog dat dit gaan om almal goed te laat voel. Kan ons verbaas wees daaroor? "Insluiting" bevat byna nóóit Bybelse waardes nie.

Terwyl hulle voorgee om bekommerd te wees, is dit nie die einddoel van hierdie sosiale opstokers nie – of hulle dit nou besef of nie. Die eintlike doel met taalverandering is om abnormale keuses te normaliseer. "Homoseksueel" het "gay" geword en enigeen wat nie met daardie lewenstyl saamstem nie, word "homofobies" genoem – 'n leuen wat nou stewig vasgelê is in ons kultuur. Alhoewel sommige mense dalk "fobies" oor homoseksuele aktiwiteite mag wees, stem die meeste mense nie hiermee saam nie en sien gevaar vir 'n nasie wat dit aanvaar. Ons is subtiel geleer om na mense wat met iemand van dieselfde geslag saamwoon (self nou 'n konsep onder aanval) te verwys as "lewensmaats" of "die beduidende ander" in plaas van 'n eggenoot, man of vrou. Die idee is om abnormale huweliksverbintenisse te normaliseer – 'n poging wat blyk baie sukses-

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik –**
**Sê totsiens vir "Mamma" en "Pappa"**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Is God waarlik werklik vir u? 3**
Niemand van ons het God al van aangesig tot aangesig gesien nie. Tog beweer miljarde mense dat hulle in Hom glo. Hoe werklik is Hy vir u?

**Waarom werk? 8**
Met die regte begrip is dit moontlik om u werk van 'n vloek na 'n seën te verander, soos wat God dit bedoel het!

**Na ons eie beeld 11**
Die meeste van ons aanvaar kunsmatige intelligensie as vanselfsprekend. Sal dit lei tot masjiene met breine soos ons s'n?

**Eie[r]soortige uitvinding 15**

**Bid vir die vrede van Jerusalem**
**Sal Jerusalem ooit vrede hê? 17**
Daar sal vrede in Jerusalem wees in die toekoms – maar nié deur menslike politiek en diplomasie nie.

**Indië se Coronavirus-krisis 20**
Ons kan hoopvol en vol vertroue wees dat 'n glorieryke toekoms die beproewings van hierdie huidige tydperk sal oortref

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**
Hoe behoort ons God se Sabbat te onderhou?

**Die werke van Sy hande 24**
U liggaam se chemiese samestelling is verbasend ingewikkeld. Kon evolusie so 'n samewerking van chemikalieë tot gevolg hê?


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 086 607 7398

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.**

**Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.**

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

**Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).**

# Is God waarlik werklik vir u?

## Deur Gerald E. Weston

Niemand van ons het God al van aangesig tot aangesig gesien nie. Tog beweer miljarde mense dat hulle in Hom glo op een of ander manier. Aangesien u hierdie tydskrif lees, is u waarskynlik een van hierdie gelowiges. Dit is goed – maar hoe *werklik* is God vir u? Is u bereid om "alles op die spel te plaas", met die wete dat Hy bestaan, dat u Hom ken en dat Hy u sal beloon indien u Hom ywerig gehoorsaam of sal u net só ver gaan en 'n streep trek wat u nie sal oorsteek nie?

Oorweeg die volgende en kyk ernstig in die spreekwoordelike spieël. Die Bybel vertel aan ons dat 'n man 2,000 jaar gelede in die stofpaaie van Israel geloop het en daarop aanspraak gemaak het dat Hy van God gekom het en na Hom sou terugkeer. Hy is doodgemaak en baie mense sê dat Hy tot die lewe opgewek is en deur honderde getuies gesien is. Verder het Hy verkondig dat Hy sal terugkom om heerskappy te gee aan 'n groep individue wat saam met Hom is, wat in hierdie lewe geroep en uitverkore en aan Hom getrou is (Lukas 19:12-27; Openbaring 17:14).

Eerlikwaar, dit is baie om in te neem. Selfs diegene wat Hom gevolg het en Hom in die vlees geken het, wat al Sy wonderwerke gesien het en drie en 'n half jaar lank deur Hom onderrig is het dit aanvanklik moeilik gevind om Sy opstanding te aanvaar. Hulle het geweet daar is iets ánders aan Jesus en het Hom selfs as die geprofeteerde Messías verkondig, maar hulle geloof het gewankel by verskillende geleenthede. Nadat Hy gekruisig is, het hulle nie Sy opstanding verwag nie, al het Jesus voor Sy dood verkondig dat dit sou gebeur.

### Is sien *regtig* glo?

Die Bybel vertel ons min van die apostel Thomas, maar as daar iets is wat lesers van hom weet, dan is dit dat hy gesê het: *Toon my die bewyse!* Nadat die ander Apostels beweer het dat hulle Jesus lewendig gesien het, het die "ongelowige Thomas" beswaar gemaak: "As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie" (Johannes 20:25). Eers toe Jesus aan hom verskyn het het Hy natuurlik geglo. Ons kan Thomas dankbaar wees dat hy vir ons die geleentheid moontlik maak om 'n bietjie selfondersoek te doen want Jesus het vir hom gesê: "Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is dié wat nie gesien het nie en tog geglo het" (vers 29). Glo *ons*, hoewel ons Hom nie gesien het nie?

Dit was nie asof 'n opstanding uit die dood toe nog nóóit tevore plaasgevind het nie. Hierdie dissipels moes vertroud gewees het met die verhaal van die man wat weer lewendig geword het toe hy in die graf van Elisa gegooi is (2 Konings 13:21). Hulle moes die Skrifgedeeltes geken het wat 'n opstanding uit die dood voorspel het (Job 14:14-15; Psalm 17:15; Daniël 12:1-2).

Hulle het ook 'n eerstehandse getuienis gehad naamlik 'n opstanding wat baie van hulle met hul eie oë gesien het; Jesus het 'n man met die naam Lasarus opgewek nadat hy vier dae in die graf was, terwyl selfs sy suster gewaarsku het dat die liggaam teen daardie tyd al sou sleg ruik (Johannes 11:39). Dit moes nogal 'n gesig gewees het toe Lasarus lewendig en gesond uit die graf uitgeloop het, nog toegedraai in grafdoeke (vers 44)! Die opstanding van Lasarus was so 'n voldonge feit dat selfs Jesus se teenstanders dit nie kon ontken nie. Sommige van hulle wou selfs vir Lasarus doodmaak in 'n vergeefse poging om die getuienis van hierdie wonderwerk te vernietig (Johannes 12:9-11).

Baie ander mense is genees. Daar was feitlik geen soort siekte of aandoening wat Jesus nie genees het nie. Hy het melaatses, blindes, stommes, kreupeles, duiwelsbesetenes en nog meer siekes genees. Baie van hierdie individue was welbekend in hulle gemeen-

skappe – nie vreemdelinge wat deur 'n bulderende "evangelis" teen die voorkop geklap is, soos wat 'n mens moontlik in 'n hedendaagse televisieprogram mag sien nie.

Ek onthou dat ek 'n televisie-aanbieding gesien het waar 'n kind vorentoe gebring is wat vermoedelik doof was as gevolg van 'n demoniese gees. Die "evangelis" ("kwaksalwer" is waarskynlik akkurater) steek toe sy vingers in die ore van die kind en roep "Kom uit!" aan die sogenaamde gees. Terwyl hierdie man sy gesig teen die gesig van die kind gehou het, het hy die kind verskeie kere in 'n baie duidelike en luide toon beveel: "Sê: '*Ba-ba*'". Die verwarde en bang kind het herhaal: "*Ba-ba*". Natuurlik kan selfs 'n kind die lippe lees van iemand wat "*Ba-ba*" oorbeklemtoon. Die musiek het harder geword, die kind is as genees verklaar en die gehoor het met betraande gesigte hulle hande rondgeswaai en uitgeroep: "Loof die Here!"

Daarteenoor was die mense wat deur Jesus genees is, dikwels in hulle gemeenskappe daarvoor bekend dat hulle aan verskillende kwale gely het. Hierdie genesings was nie slinkse truuks om 'n liggelowige gehoor te mislei nie. Ons het ook die voorbeelde van Lasarus (Johannes 11:39-44), die duiwelbesete man in die land van die Gadaréners (Markus 5:1-17), 'n verlamde man (Markus 2:3-12) en vele ander. Die bevolking het geweet dat hierdie werklike genesings was; selfs die twissieke Fariseërs moes erken dat Jesus se wonderwerke van genesing ég was, soos blyk uit Nikodémus se belydenis (Johannes 3:2).

Ons lees dat Jesus water in wyn verander het, 'n stormagtige see laat bedaar het en op die water geloop het. Die vrae bly dus: Glo u dat hierdie wonderwerke plaasgevind het? Glo u dat daar 'n Almagtige God is wat met die mensdom werk op hierdie klein planeet wat om 'n ster van gemiddelde grootte wentel – een van tien miljarde in ons sterrestelsel, wat self slegs een sterrestelsel is onder die huidig geskatte een-tot-twee triljoen waaruit ons heelal bestaan?

Waarlik, ons kan wonder, soos koning Dawid toe hy opgekyk het na die ontsaglike gesig van 'n helder naghemel: "[W]at is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?" (Psalm 8:5). Dít, liewe vriende, is 'n omvangryke vraag!

Ons verstaan vandag baié beter hoe klein ons werklik is in vergelyking met die omvang van ons heelal!

**"Wys my 'n wonderwerk!"**

Die meeste van ons dink dat ons sou glo indien ons net 'n wonderwerk kon sién – maar dit is 'n dwaling wat nie gerugsteun word deur die feite nie. Die mense van antieke Israel het baie wonderwerke gesien wat dit vir hulle moontlik gemaak het om uit Egiptiese slawerny te vlug. Hulle het drie plae beleef en gesien hoe hulle Egiptiese bure sewe ander plae verduur het wat wonderbaarlik van aard en tyd was. Hulle het deur die Rooi See ontsnap en is bonatuurlik gevoed met manna wat elke dag van die week behalwe die sewende dag beskikbaar was. Dit het *40 jaar* lank aangehou. Keer op keer het God in die woestyn vir hulle voorsiening gemaak.

Ons sien nogtans dat hulle hierdie wonderwerke slegs in hulle gedagtes onthou het, nét totdat die volgende uitdaging te voorskyn gekom het. "Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het? Was dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie? En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie? En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat *hulle deur ongeloof* nie kon ingaan nie" (Hebreërs 3:16-19).

Wonderwerke is soos kos en water; diegene wie se geloof op wonderwerke gebou is, moet een na die ander wonderwerk beleef om in hulle herhalende behoefte te voorsien. Dit wil nie sê dat wonderwerke nie belangrik is nie – ons lees van baie wonderwerke in die Bybel. Moontlik het u dit al self ervaar. Om die waarheid te sê, *u het!* Die lewe self is 'n wonderwerk en so omvangryk dat ons elke dag meer leer oor hoe wonderbaarlik dit is.

Daar word aan ons vertel: "Want sy onsigbare dinge kan

van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie" (Romeine 1:20). Liewe lesers, sien u nie die wonderbaarlike dinge rondom u nie?

My vrou en ek het onlangs een klein wonderwerkie gesien. Ons het opgemerk dat die *Carolina-Bluebirds* nie vanjaar in een van ons voëlhuisies nes maak nie en daarom het ek besluit om ondersoek in te stel. Ek loer toe deur die opening in die nes en sien hoe 'n groot oog na my staar. Die opening was te klein vir 'n volwasse eekhoring, maar dit het gelyk soos die oog van 'n klein knaagdier. Was dit 'n rot? Nadat ek die boonste gedeelte van die nes verwyder het, kom die diertjie te voorskyn. Tot ons verbasing was dit 'n vlieënde eekhorinkie. Die maatjie het gekom en 'n klein entjie verder, onderstebo aan die boomstam gehang en 'n paar minute na my gekyk terwyl ons die bure se dogtertjie gaan roep het sodat sy hulle ook kon sien. Watter pragtige klein diertjies!

Dalk dink u nie dat dit 'n wonderwerk is nie – maar watter lewe is *nie* 'n wonderwerk nie? Daar is soveel spesies en subspesies, afsonderlik, maar verwant. Daar is grys eekhorings, rooi eekhorings, swart eekhorings en vlieënde eekhorings, maar dit is almal eekhorings en is perfek aangepas om deel te wees van 'n geïntegreerde ekosisteem. Sommige van hulle is onderskeidelik deur God geskep; ander diere, soos ons troeteldiere, vertoon hulle wonderlike verskeidenheid as gevolg van noukeurige kruis-"teling" deur menslike kundiges. Of ons nou voëls, reptiele, knaagdiere, visse, blomme of enige ander lewe bespreek, sien ons uitsonderlike ontwerp, beplanning en skoonheid in die skepping. Hoe kan ons vergeet wat ons in die spieël sien? Dawid het oor die hoogtepunt van God se fisiese skepping geskryf: "Want U het my niere gevorm, my in my moeder se skoot geweef. Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed" (Psalm 139:13-14). Dink daaraan; weet u siel dit baie goed?

Geloof is moeilik om te begryp. Dit moenie blind wees nie, maar soos ek hierbo getoon het, duur geloof wat gebaseer is op wonderwerke nie lank nie. Selfs Johannes die Doper het moontlik op 'n stadium in sy lewe getwyfel. Ons kan nie met sekerheid sê nie, want daar is meer as een verklaring vir die volgende gedeelte, maar 'n mens wonder tog of Johannes aanstoot geneem het oor iets wat Jesus gesê of gedoen het. "En Johannes het in die gevangenis gehoor van die werke van Christus, en twee van sy dissipels gestuur en vir Hom gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? En Jesus het geantwoord en vir hulle gesê: Gaan vertel aan Johannes wat julle hoor en sien: blindes sien weer en kreupeles loop, melaatses word gereinig en dowes hoor, dooies word opgewek en aan armes word die evangelie verkondig" (Matthéüs 11:2-5).

Ons kan nie seker wees of Johannes sy dissipels na Jesus toe gestuur het vir *hulle* voordeel of vir sy eie nie. Johannes het Jesus van kleins af geken en het as volwassene bewyse gesien dat Hy die Messías is (Johannes 1:32-34). Jesus verwys ook na die wonderwerke wat Hy gedoen het, maar maak dan hierdie interessante opmerking: "En salig is elkeen wat aan my nie aanstoot neem nie" (Matthéüs 11:6). Het iets gebeur wat Johannes laat twyfel het?

**Hoe sterk was hulle geloof?**

Ons is geneig om te dink dat die vroeë Kerk – anders as vandag – gevul was met sterk geloof en dit is ongetwyfeld die waarheid, alhoewel miskien nie tot die mate wat ons ons voorstel nie. Onthou hoe gereeld Jesus innerlik gesug het oor die gebrek aan geloof van diegene rondom Hom. Hoeveel keer het Hy vir Sy dissipels gesê: "O, julle wat min geloof het?"

Dink aan die ietwat humoristiese verslag van Petrus se ontsnapping uit die tronk. Herodes was ten volle daarop ingestel om Petrus tereg te stel, soos hy kort tevore met Jakobus, die broer van Johannes, gedoen het, maar God het 'n engel gestuur om hom te red. Dit was 'n traumatiese tyd vir die vroeë Kerk en baie mense het bymekaargekom om vir Petrus te bid. Hulle het ongetwyfeld gebid dat hy van die dood gered sou word, maar toe hy na 'n wonderbaarlike ontsnapping

e gekom het, kon diegene wat vir 'n wonderwerk gebid het, blykbaar nie aanvaar dat die wonderwerk daar by die voorhek gestaan het nie.

> "Toe kom Petrus tot homself en sê: Nou weet ek waarlik dat die Here sy engel gestuur en my gered het uit die hand van Herodes en uit al die verwagtinge van die Joodse volk. En nadat dit vir hom duidelik geword het, kom hy by die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem word, waar baie in die gebed bymekaar was. En toe Petrus aan die deur van die poort klop, het 'n diensmeisie met die naam van Rhodé gegaan om te hoor *wie daar was*. En sy het die stem van Petrus herken en van blydskap die poort nie oopgemaak nie, maar na binne gehardloop en vertel dat Petrus voor die poort staan. Maar hulle sê vir haar: Jy is van jou verstand af. Maar sy het volgehou dat dit so is. Daarop sê hulle: Dit is sy engel. En Petrus het aangehou met klop; en toe hulle oopmaak, sien hulle hom en was verbaas" (Handelinge 12:11-16).

Is u en ek anders as hierdie toegewyde mense? Sou ons verbaas gewees het in 'n soortgelyke situasie of sou ons 'n antwoord op ons gebede verwag? Ek vra weer: *Hoe werklik is God vir u?*

**Waarom is dit belangrik?**

Hebreërs 11 staan bekend as die geloofshoofstuk en daarin lees ons: "En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek" (vers 6). Waarom is dit onmoontlik om God te behaag, tensy ons glo dat Hy bestaan en dat Hy 'n beloner is van dié wat Hom ywerig soek?

Elke naam wat in Hebreërs 11 se lys genoem word, het die soort geloof gehad wat dade tot gevolg gehad het. Abraham het God gehoorsaam toe hy sy gerieflike huis verlaat het om na 'n land te gaan waar hy 'n vreemdeling sou wees. Hy het ook op God vertrou toe hy opdrag gegee is om sy seun Isak te offer en het geglo dat God hom [Isak] weer sou opwek. (Dit was gedoen as 'n voorbeeld van wat God met Sy Seun sou doen, maar God het Abraham op die laaste oomblik gekeer.) Noag het 'n massiewe boot gebou terwyl sy bure hom waarskynlik gespot het. Dan was daar Moses. "Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning. Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien" Hebreërs 11:24-27).

Alhoewel God direk met sommige mense in drome en visioene gepraat het, het baie ander mense deur die eeue heen net die Skrif gehad en 'n persoonlike verhouding, opgebou deur gebed, die bestudering van die Woord van God en vas, om hulle hoop te gee. "Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel – die wêreld was hulle nie werd nie – hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond. En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie" (Hebreërs 11:37-40). God was vir hulle 'n werklikheid!

Indien God 'n werklikheid vir ons is en wanneer ons waarlik glo dat daar 'n beloning is indien ons Hom gehoorsaam, sal ons daarna streef om Sy Gebooie te onderhou. Ons sal die wêreld se vakansiedae versaak wat die naam van Christus op heidense praktyke geplaas het. Ons sal Sy Sabbatte onderhou, dit wil sê die sewende-dag weeklikse Sabbat en die jaarlikse Sabbatte. Ons sal nie toelaat dat iets of iemand

ons weerhou van gehoorsaamheid aan ons Here en Verlosser nie. "Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind" (Mattheüs 10:37-39). Ja, as God vir ons 'n werklikheid is, sal ons Hom bo alles stel! Hierdie woorde kom direk van Jesus Self af!

Ek vra dus weer: Is Hy 'n werklikheid vir u? Is Hy werklik genoeg dat u Hom sal gehoorsaam en bo enigiets anders sal stel? Indien nie, is dit nie tyd om te verander nie? WvM

***Vervolg vanaf bladsy 10 – Waarom werk?***

*mens* en *totale geloof in Sy Seun,* in watter omstandighede God ookal wil of toelaat.

Om meer te leer oor die toekomstige Koninkryk van God en die toekomstige verandering van alle werk van 'n vloek na 'n seën, lees *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?* U kan dit aanlyn lees by wvm.co.za of u eie gedrukte eksemplaar aanvra by die naaste streekkantoor soos aangedui op bladsy 2 in hierdie tydskrif.

Ongeag u omstandighede, maak gebruik van elke werksgeleentheid wat u het – met ywer, vasberadenheid, vreugde en liefde. Moenie die geleentheid verkwis om u huidige werk *toe te laat om voor te berei* om vir God in Sy Koninkryk te werk nie (Mattheüs 25:24-28)! WvM


# Die ware God: bewyse en beloftes

*Waarom* is die God van die heelal nie vandag vir mense *werklik* nie?

*Waarom* is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?

As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!

In hierdie boekie sal ons die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek en sewe bewyse bestudeer wat die ware God sal onthul.

**Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.**

# Waarom werk?

## Deur Rod McNair

Miljoene Amerikaners het verlede jaar gejuig toe die Amerikaanse Kongres, verhoogde werkloosheidsvoordele goedgekeur het om behoeftige werkers te help om COVID-19-verwante werkverliese te oorleef. Vir baie mense het ekstra voordele van die regering hulle gesinne teen haweloosheid en hongersnood beskerm terwyl hulle potensieel gevaarlike siektes kon vermy, aangesien hulle land ongekende stappe geneem het om die verspreiding van 'n onbekende virus te vertraag.

Namate die COVID-bedreiging afgeneem het en die ekonomie van die land begin herstel het, het ondernemings 'n opvallende verskynsel opgemerk: In baie werksektore was daar 'n baie groter aantal beskikbare poste as die aantal werkers wat werk gesoek het en die poste wou vul. Op 8 Junie het die Amerikaanse Buro vir Arbeidstatistiek 'n verslag bekend gemaak wat getoon het dat daar in April 2021 'n rekord van 9,3 miljoen poste regoor die land vakant was. Daarbenewens het 'n rekord getal van vier miljoen Amerikaners gedurende daardie maand vrywillig hulle werk bedank.

Wat gaan aan? 'n Deel van die antwoord is dat met werkloosheidsvoordele wat tot ongekende vlakke verhoog is, baie werkers in staat was om beter na hulle gesinne om te sien deur werkloosheidstjeks te ontvang in plaas daarvan om werk te aanvaar wat minder betaal. Dit is egter nie die hele storie nie.

Al hoe meer berigte het verskyn oor werkers wat 'n moeilike jaar beleef het sonder werk of van die huis af gewerk het en 'n nuwe perspektief op werkverrigting gekry het wat hulle teësinnig of selfs onwillig gemaak het om terug te keer na voorheen aanvaarbare kantoorwerk. Namate werksgeleenthede in kantore beskikbaar geraak het, het werkers daardie werk bedank! Waarom gebeur dit en wat kan ons daaruit leer met betrekking tot die werk sélf?

**'n Baie kort geskiedenis van werk**

Die boek Génesis vertel aan ons dat God gewerk het om ons wêreld te skep. Génesis dui *ses keer* aan dat God na die werk van Sy hande gekyk het en dit "goed" gevind het! Aan die einde van die week, nadat Sy werk afgehandel is, "Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed" (Génesis 1:31).

God was nie gespanne oor Sy werk nie; Hy het dit geniet! God wou egter nie die skeppingsproses op Sy eie geniet nie; Hy wou Sy wêreld en die ontwikkeling daarvan met andere deel. Een belangrike rede waarom Hy die mensdom geskep het, was *om die vreugde van Sy werk te deel*. "Ook het die HERE God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daaraan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee ... Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak" (Génesis 2:8, 15).

God wou hê dat Adam, Eva en hulle nageslag die aangename en opwindende uitdaging moes hê om die tuin van Eden te versorg en om uiteindelik die hele aarde te verfraai! Hulle het God se Waarheid, Sy soewereiniteit oor hulle en Sy lewenswyse verwerp. Wat was die resultaat?

"En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer" (Génesis 3:17-19). Werk, wat bedoel was om 'n seën te wees vir diegene wat aan God gehoorsaam is, het 'n vloek geword vir ongehoorsaamheid.

Adam en Eva het 'n ideale werk opgegee – 'n wonderlike omgewing met uitstekende werksomstandighede en onver-

beterlike voordele! Hulle het gekies om teen God se opdrag te rebelleer en is uit hierdie herbergsame en ondersteunende omgewing verdryf. Miljarde mense het sedertdien gesukkel om 'n bestaan te maak.

Vandag is werk nie soos wat God dit bedoel het nie! Sedert ons voorvaders die tuin van Eden verlaat het, was die werkservaring vir die meeste mense nie aangenaam of selfs maklik nie. Selfs vandag is werk vir die grootste deel van die aarde se bevolking 'n "noodsaaklike euwel" in 'n stryd om te oorleef! Wanneer 'n regering aan mense die geleentheid bied om te oorleef sonder om te werk, behoort ons nie verbaas te wees wanneer mense bedank of weier om werk te aanvaar wat hulle as nie-winsgewend of onaangenaam beskou nie.

**Regulasies by die werksplek ... en die Skrif?**

Goeie reëls by die werksplek kan veiligheid en gesondheid bevorder en selfs lewens red! In die V.S. administreer die Beroepsveiligheids- en Gesondheidsadministrasie (*Occupational Safety and Health Administration*) (OSHA) regulasies wat na raming meer as 60 persent van werksverwante sterfgevalle verminder het (*All About OSHA*, 2020). Nietemin, lánk voordat OSHA bestaan het, het God regulasies ingestel om voorsiening te maak vir 'n veilige en gesonde omgewing.

Hier is 'n voorbeeld: "En as iemand 'n put oopmaak, of as iemand 'n put grawe en dit nie toemaak nie, en 'n bees of esel val daarin, moet die eienaar van die put vergoeding gee: hy moet aan die eienaar *van die dier* geld gee, maar die dooie dier moet syne wees" (Exodus 21:33-34). 'n Ander wet bepaal 'n goeie konstruksiepraktyk: Die noodsaaklikheid om relings op plat dakke [balkonne] te bou om ongelukke te voorkom. "As jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n leuning aan jou dak maak, sodat jy geen bloedskuld op jou huis bring as iemand daarvan afval nie" (Deuteronómium 22:8).

Ja, God openbaar Sélf dat daar standaarde en riglyne is wat help om 'n veilige omgewing te skep. Wanneer die profeet Eségiël die lewe onder God se Regering beskryf, doen hy dit op 'n merkwaardige manier: "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee ... En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen" (Eségiël 36:26-27).

God se insettings is bedoel vir gesondheid en vreugde. In die komende Millennium, sal die aarde 'n lewendige, gesonde ekonomie ervaar onder die heerskappy van Jesus Christus wat nie deur menslike hebsug of dwaasheid bestuur sal word nie, maar deur God se eie Wet. Voldoende voorrade en doeltreffende dienste sal die resultaat wees van mense wat besig is met hulle werk en dit geniet! Aangesien mense God se beginsels van liefde en diens elke dag in die praktyk sal toepas deur die krag van Sy Gees, sal hulle in hul werk 'n vrede en vervulling ervaar wat onbeskryflik is!

Daardie toekomstige tyd sal opwindend en wonderlik wees. Wil u *vandag* 'n sterker gevoel van doel en opwinding in u werk en lewe ervaar? U kan!

**Leer om beter te werk**

Een manier om 'n beter werkservaring te hê, is deur 'n beter werker te word! Dertig jaar gelede het James Patterson en Peter Kim bevind dat Amerikaanse werkers *erken* het dat hulle tot 20 persent van hulle werkstyd lyf wegsteek. Byna die helfte het erken dat hulle siekverlof geneem het toe hulle gesond was, een uit elke ses werkers het gereeld gedrink of dwelms by die werk gebruik en slegs een uit elke vier het gesê dat hulle hul beste poging aangewend het (*The Day America Told the Truth*, 1991) en dit is waarskynlik dat statistieke vandag nie beter lyk nie! Wat van u? Is u toegewy daaraan om 'n eerlike dag se werk te doen?

Vind u dit moeilik om met ander mense oor die weg te kom – u kollegas, u werknemers of u werkgewer? Sê nou u het 'n besonder *moeilike* werkgewer? God wys hoe om sulke situasies te hanteer: "Diensknegte wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is. Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly. Want watter roem is

daar as julle verdra wanneer julle sonde doen en geslaan word? Maar as julle verdra wanneer julle goed doen en ly – dit is genade by God" (1 Petrus 2:18-20).

Daar kom beslis 'n tyd dat u nie langer die slegte behandeling van 'n onbillike werkgewer sal verduur en van werk verander nie. Voordat u egter 'n onaangename werkplek verlaat, maak seker dat u alles in u vermoë doen om dit te verbeter. Doen moeite om u werkgewer te help om sy of haar doelwitte te bereik. Streef na samewerking eerder as konfrontasie. "'n SAGTE antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom" (Spreuke 15:1). Indien u konstruktiewe maniere aanleer om deur konflik te werk, verminder u spanningsvlakke, verbeter u gevoel van welsyn en lei tot 'n beter werkservaring in die geheel.

Het u probleme om oor die weg te kom met mense oor wie u toesig hou? Neem tyd om u werknemers behoorlik aan te moedig en te motiveer – selfs die "moeilike" werknemers! Die Skrif sê vir werkgewers om aan werkers te gee wat "reg en billik" is (Kolossense 4:1) en "om die dreigemente te laat staan" (Efésiërs 6:9). Regverdigheid, geduld en 'n eerlike poging om die doelwitte en behoeftes van u werknemers te verstaan, help baie om die gesindhede in die werkplek op te bou. God let op hoe werkgewers ander behandel, omdat Hy *hulle* bestuurder is (vers 9).

**Soek doel en vreugde in u werk**

Om ware sukses in die werk en in die lewe te behaal, is dit nodig dat *mense geniet wat hulle doen*. Die bofbalpromotor Mike Veeck het gesê: "Mense het 'n groot behoefte om gelukkig te wees en dit is 'n moeilike taak as dit nie eg is nie" (*Fun Is Good*, 2005).

Die meeste van ons ken iemand wat 'n aansteeklik opgeruimde persoonlikheid het en ons het al gesien hoe 'n opgewekte woord of spontane gelag die ys van spanning of stres op die regte oomblik kan verbreek. Salomo is lank gelede geïnspireer om te skryf: "'n Vrolike hart maak die aangesig bly maar by verdriet van die hart is die gees neerslagtig" (Spreuke 15:13).

Vir 'n ware Christen *kan* selfs die moeilikste werk wat sonder vooruitsigte is, gevul wees met doel en betekenis indien ons onthou vir wie ons regtig werk. Paulus het opdrag gegee: "Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus; nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen" (Efésiërs 6:5-6).

U werk kan vir uself van groter belang wees indien u besef dat u nie net vir mense werk nie, maar om God te behaag. Wanneer ons ons werk met toewyding en ywer doen, ongeag wat se werk dit ookal is, verhoog dit ons motivering, dryfkrag en genot van die taak. Om te verstaan dat ons God met ons werk kan behaag, is dalk die grootste motivering van alles.

**Berei u voor om vir God te werk!**

Jesus Christus het positief oor werk gepraat. Kyk na die gelykenis van die talente:

> "Want *dit* is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou ... En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken. En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien. En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer" (Matthéüs 25:14; 19-21).

Hierdie gelykenis wys ook op 'n wonderlike waarheid – God lei die hedendaagse Christene op om saam met Hom in Sy Koninkryk te regeer. Die voorvereiste om saam met Christus in Sy Koninkryk te werk, is nie dat ons rykdom en status in hierdie lewe bereik nie; ons moet eerder *karakter en gehoorsaamheid aan God* leer, *liefde vir ons mede-*

***Vervolg op bladsy 7***

# Na ons eie beeld

## Deur Wallace G. Smith

***Ons pogings om God te speel op die gebied van kunsmatige intelligensie het ons iets belangriks geleer oor wat dit is om 'n mens te wees***

Kunsmatige intelligensie, oftewel KI, het deel van ons daaglikse lewe geword. Dit is wat die werking van ons rekenaar- en telefoontoepassings moontlik maak. Dit verwerk ons kredietaansoeke, herken gesigte om ons slimfone te ontsluit en kies watter advertensies ons op die Internet sal sien. Dit is feitlik alomteenwoordig – tot so 'n mate dat ons dit skaars meer raaksien. *Snapchat*-gebruikers maak video's vir hulle vriende deur grappige filters te gebruik wat hulle soos diere of strokiesprentkarakters laat lyk, heeltemal onbewus van die vooruitgang in KI wat hulle gegiggel moontlik gemaak het.

Nuusopskrifte gaan voort om verstommende nuwe prestasies in KI te rapporteer. Sommige daarvan is opwindend, soos die sukses van *DeepMind* se *AlphaGo*-program om die beste *Go*-spelers in die wêreld te klop alhoewel sommige hiervan senutergend is, soos die Verenigde Nasies se berigte dat KI-hommeltuigstelsels moontlik in onlangse konflikte gebruik was om menslike vegters aan te val en die "doodmaak"-besluit geneem het sonder dat dit deur 'n mens beheer was.

Ten spyte van al die maniere waarop KI besig is om ons lewens en ons wêreld te verander, kom dit nie eens naby aan wat die meeste mense dink as hulle die woorde "kunsmatige intelligensie" hoor nie. Dit is omdat die meeste KI-toepassings – so wonderlik soos dit mag wees, in vergelyking met die mens – opvallend dom is.

Die landkaart-toepassing [GPS: Universele posisionering-stelsel toepassing] van u slimfoon kan 'n doeltreffende roete terug na u hotel vind, maar dit kan nie met u gesels oor die restaurant wat u pas verlaat het nie. *AlphaZero* ('n "uitvloeisel" van *AlphaGo*) sal u met skaak klop maar dit sal nie nadink oor die voordele daaraan verbonde om die skaakbord af en toe weg te bêre om tyd buite deur te bring nie. Die KI-hommeltuie wat uitgestuur is om soldate in die Libiese burgeroorlog aan te val, het nie vir 'n oomblik nagedink oor die morele impli-kasies van hulle optrede nie.

Soos Dave Gershgorn vir die tydskrif *Quartz* geskryf het,

> "Ons beste KI van vandag kan baie spesifieke take verrig. KI kan 'n beeld met verstommende akkuraatheid en spoed identifiseer. KI kan ons toesprake in woorde omskryf of brokkies teks van een taal na 'n ander vertaal. Dit kan die aktiwiteite van die effektebeurs analiseer en die moontlike resultate voorspel. Dit is egter alles afsonderlike algoritmes – elkeen spesifiek deur mense ingestel om 'n enkele taak foutloos te voltooi. 'n Spraaktranskripsie-algoritme kan nie die woorde definieer wat dit van spraak na teks verander nie en 'n vertaalalgoritme ook nie. Daar is geen begrip nie; dit is net ooreenstemmende patrone" ("*Inside the mechanical brain of the world's first robot citizen*," 12 November 2017).

*"Daar is geen begrip nie".* Dit is wat die probleem is.

In die 1950's, het baie navorsers – gevul met vreugde oor hulle sukses in die relatief nuwe veld van die rekenaar en gemotiveer deur die oortuiging dat die mens in wese weinig meer is as 'n baie ingewikkelde masjien – aangeneem dat daar binne enkele dekades, rekenaars geskep sou kan word met 'n kapasiteit om 'n leer- en begripsvermoë te hê wat gelykstaande sou wees aan dié van die menslike verstand. Met behulp van kabels, stroombaanpanele en ons eie vindingrykheid sou ons eendag met tegnologie kon voortplant en

masjiene kon skep wat werk-lik *dink* soos ons dink.

Tyd was egter nie in hulle guns nie en die taak het geblyk veel moeiliker te wees as wat die vroeë navorsers hulle dit voorgestel het.

**Van KI tot KAI**

Die droom leef egter voort en rekenaarwetenskaplikes regoor die wêreld probeer nog steeds om 'n masjien volgens ons eie beeld te skep – 'n werklike, *denkende* masjien. Om te onderskei tussen die benadering van blote "probleemoplossing" wat baie van die KI-werk oorheers wat ons vandag sien en die groter doel om programme of stelsels te skep wat op dieselfde manier as die menslike verstand kan dink en verstaan, noem baie navorsers laasgenoemde "kunsmatige *algemene* intelligensie" of KAI.

Soos met KI het ons merkwaardige vooruitgang op die gebied van KAI gesien. Hoe naby is ons egter daaraan om masjiene te skep wat regtig soos ons kan dink en verstaan?

'n Robot met die naam Sophia, is een van die bekendste openbare robotgesigte van KAI. Sophia is deur *Hanson Robotics* in Hongkong gebou en het *baie* mediadekking gekry. Sophia is gemaak om dit soos die bolyf van 'n vrou te laat lyk, met 'n maskeragtige menslike "gesig" en sigbare kabels en stroombaanpanele agter op die "kop". Hierdie masjien is geprogrammeer om menslike gesigte na te boots, menslike gesigsuitdrukkings te openbaar en om op menslike gesprekke te reageer.

Sophia het in Oktober 2017 wye nuusdekking gekry met die aankondiging dat Saoedi-Arabië dit as die eerste nie-menslike burger verklaar het. 'n Maand later het die Verenigde Nasies die titel "Innoverende Kampioen" aan "haar" verleen. Sophia, het toesprake voor groot gehore gelewer en as gas gedien in die deurnag-geselsprogramme en is deur "haar" pers voorgehou as 'n dramatiese stap na vore in robotika en mensagtige denke en interaksie.

Die werklikheid is egter minder indrukwekkend.

Alhoewel daar werklike KI-tegnologie aan die werk is in Sophia en dit 'n geleentheid vir waardevolle navorsing bied, is die animatroniese rekenaar-geprogrammeerde robot ook deels 'n voortdurende reklameset. "Haar" toesprake word dikwels vooraf geskryf en die skeppers van die robot erken dat Sophia as 'n soort "mensgemaakte wetenskapsfiksie-karakter dien wat die toekoms van KI en robotika uitbeeld" en nie as 'n werklike, funksionerende voorbeeld van daardie toekoms nie. Soos James Vincent in November 2017 vir *The Verge* geskryf het, sien Hanson Robotics se voormalige hoofwetenskaplike, Ben Goertzel, Sophia as 'n kunstige manier om ander mense te inspireer om te glo in die potensiaal vir KAI en nie 'n werklike *prestasie* van daardie potensiaal nie.

**Skepping of nabootsing?**

Alhoewel Sophia baie bespreking inspireer het – in sommige kringe selfs bespotting – *is* daar werklike vordering met betrekking tot die vooruitgang op die gebied van KI en *bereik dit* nuwe hoogtes van tegnologiese prestasies en illustreer dit tog ook hoe ver ons nog sal moet vorder.

In die somer van 2020 het die San Francisco-maatskappy, *OpenAI* sy kunsmatig intelligente stelsel GPT-3 bekend gestel. Die *New York Times* het in November van daardie jaar berig dat GPT-3 opgelei is deur masjienleer om menslike taal te "verstaan" deur dit byna een triljoen woorde op die internet te voer – 'n proses wat maande lank geduur het, wat derduisende miljoen dollar gekos het en 'n gespesialiseerde super-rekenaar benodig het. Hulle resultate is indrukwekkend. Toe die KI-stelsel gevra is om die vraag, "Hoe word ons meer kreatief?" volgens die styl van sielkundige Scott Barry Kaufman te beantwoord, het die *New York Times* berig dat GPT-3 met die volgende paragraaf gereageer het:

> "Ek dink kreatiewe uitdrukking is 'n natuurlike neweproduk van om op te groei in 'n diverse wêreld. Hoe meer divers die wêreld is, hoe meer word 'n mens blootgestel aan verskillende mense, aan verskillende geleenthede, aan verskillende plekke en

aan verskillende uitdagings. Hoe meer divers dit is, hoe groter is die kans dat 'n mens twee en twee bymekaar kan sit om iets nuuts te vorm. In baie opsigte dink ek, as 'n mens kreatief wil wees, behoort 'n mens jou daarvoor te beywer. Indien u 'n skrywer wil wees, moet u skryf; as u 'n musikant wil wees, skep dan musiek, indien u 'n komediant wil wees, beywer u daarvoor om komedie te skep en hoe meer 'n mens skep, hoe meer waarskynlik is dit dat 'n mens 'n paar interessante dinge sal ondervind".

Selfs Kaufman het toegegee dat die paragraaf eienaardig baie na iets lyk wat hy self sou sê, hoewel dit heeltemal oorspronklik van die KI gekom het. GPT-3 se vermoëns eindig egter nie by die nabootsing van skrywers nie. Dit het die vermoë getoon om poësie, verhale en musiek voort te bring, speletjies te speel waarvoor dit nie geprogrammeer was nie – soos skaak en *Go* en selfs oorspronklike, funksionele rekenaarkodes te skep. Sommige van hierdie uitslae het selfs die skeppers van die stelsel verras.

David Chalmers, professor in filosofie en neurale wetenskap aan die Universiteit van New York, noem GPT-3 "een van die interessantste en belangrikste KI-stelsels wat ooit geproduseer is" en sê die vermoë daarvan om splinternuwe take aan te leer nadat dit aan enkele voorbeelde blootgestel is "sinspeel op algemene intelligensie" (*Daily Nous.com*). Is GPT-3 egter *besig om te dink*? Is dit 'n stelsel op die vooraand van kunsmatige algemene intelligensie?

Nee, dit is nie. In 'n artikel van die *New York Times* word opgemerk dat "indien 'n mens tien paragrawe in die styl van Scott Barry Kaufman vra, mag dit dalk vyf paragrawe gee wat oortuigend is en vyf ander paragrawe wat nie is nie". Soos die rekenaarwetenskaplike Mark Riedl verduidelik het: "Dit is baie duidelik. Dit is baie goed om teks te lewer wat redelik klink. Wat dit egter nie doen nie, is om vooruit te dink. Dit beplan nie wat dit gaan sê nie. Dit het nie regtig 'n doelwit nie".

Die skepping van GPT-3 was nogal 'n prestasie vir sy menslike skeppers. Wat het GPT-3 egter self bereik?

Die neurochirurg, Michael Egnor, skryf op *MindMatters.ai* en beklemtoon dikwels die fundamentele verskil tussen rekenaarverwerking en ware intelligente denke. Hy haal die waarnemings van die filosoof, Ed Feser, aan en herinner ons:

> Op sigself gereken en afgesien van die ontwerpers se bedoelings, is die elektriese strome in 'n elektroniese rekenaar net so sonder intelligensie of betekenisloos soos die stroom wat deur die kabels van u broodrooster of haardroër loop. Daar is hoegenaamd geen intelligensie nie. Die intelligensie is alles in die ontwerpers en gebruikers van die rekenaar ...

Ons sal sekerlik voortgaan met die ontwikkeling van toenemend gevorderde masjiene wat menslike produksie op dramatiese en oortuigende maniere kan naboots. Gegewe die indrukwekkende prestasies van GPT-3, wie weet wat om van toekomstige GPT-4 of GPT-5 te verwag? Soos Egnor egter beklemtoon: "Daar is nie 'n greintjie intelligensie in 'n rekenaar nie. Mense is intelligent en ons gebruik rekenaars om ons menslike intelligensie voor te stel en te benut. Al die logika in 'n rekenaar is in werklikheid *menslike* logika, wat op 'n rekenaar ingesleutel word".

Die kundige hande van 'n span digitale kunstenaars kan 'n virtuele weergawe van die Grand Canyon lewe gee en naboots, met voldoende verwerkingskrag, besonderhede so fyn soos die tekstuur van die rots en die visuele effekte van stofdeeltjies wat in die lug hang en die sonlig weerkaats. Die resultaat bly egter slegs 'n nabootsing. Die Grand Canyon is verteenwoordig, maar nie regtig *weer geskep nie*.

So werk programmeerders met merkwaardige vaardighede ook saam om stelsels soos GPT-3 te vervaardig, maar die resultate van hulle werk bly presies net dít: *nabootsings*. Die

skeppers van die eerste digitale sakrekenaar het nie 'n masjien geskep wat rekenkunde verstaan nie. Hulle het eenvoudig 'n stelsel ontwerp wat hulle rekenaarwerk kan naboots. Tot dusver lewer pogings om kunsmatige algemene intelligensie te produseer, geen hoop om masjiene te skep wat werklik *verstaan* wat hulle doen nie – ongeag die groot omvang van ons nuutste nabootsings.

**Is verstand bloot materie?**

Is daar dus 'n fundamentele probleem in die soeke na KAI? Word daar een of ander aanname gemaak wat navorsers se pogings verdoem om die menslike verstand weer te gee deur middel van mikroskyfies en netwerke – een of ander ontbrekende element wat ware AGI vir altyd buite ons bereik hou?

Pogings om werklik menslike intelligensie te skep en die gepaardgaande eienskappe daarvan – bewussyn, vrye wil en abstrakte denke – se oorsprong is van die begin af gegrond in fundamentele *materiële* aannames. Navorsers aanvaar as vanselfsprekend dat die materiële wêreld – die fisiese materie en energie van die heelal en die fisiese kragte wat daarop inwerk – ál is wat aan die werklikheid verbonde is. Hulle werk berus op die idee dat materie in wese, ál is wat nodig is vir *verstand.*

Materie het 'n uitwerking op die menslike verstand. Mense is fisies-chemiese wesens. Soos die res van die skepping rondom ons, bestaan ons uit verskillende rangskikkings van atome en molekules. Die menslike brein – wat 'n wesenlike rol in die menslike verstand speel – is duidelik 'n fisiese voorwerp, wat bestaan uit 'n groot netwerk neurone wat betrokke is by ingewikkelde chemiese en elektriese oordragte. Neurowetenskaplikes beskik oor baie instrumente wat hulle in staat kan stel om te kan meet hoe verskillende dele van die brein aktiwiteite en gevoelens, kan opwek. Studies toon dat skade aan die brein 'n mens se persoonlikheid dramaties kan verander en navorsers het bevind dat die toepassing van 'n magnetiese veld op 'n gedeelte van die brein selfs die morele keuses wat 'n persoon maak, kan beïnvloed. Ongetwyfeld speel ons fisiese brein 'n belangrike rol om ons te maak wie ons is.

**Die gebruik van wilskrag om fisiese probleme te oorkom**

Daar is oorvloedige bewyse dat ons verstand ook *meer* behels as ons brein – dat iets *buite* die fisiese, chemiese beperkings van die menslike brein ook kragtig bydra tot die menslike verstand.

In hierdie verband wys neurochirurg, Egnor, gereeld na die werk van twee beroemde individue in sy veld van breinwetenskap: Roger Sperry en Wilder Penfield.

Roger Sperry het die Nobelprys vir Fisiologie en Geneeskunde gewen vir sy beroemde gesplete brein-navorsing met proefpersone waarvan die *corpus callosum* geskei is – die konneksie tussen die regter- en linker-helftes van hulle brein is heeltemal verwyder. Dit het gelyk asof die proefpersone heeltemal goed funksioneer, selfs met die een helfte van die brein wat glad nie in staat was om met die ander helfte te kommunikeer nie. Sperry se toetse het interessante besonderhede blootgelê – soos gevalle waar proefpersone nie 'n voorwerp kon beskryf wat net deur een oog gesien kon word nie, aangesien die brein se taalsentrum in dié halfrond geleë was sónder toegang tot die beeld wat die oog gesien het.

Hy het egter ook gevind dat sy proefpersone se normale redenasies en abstrakte denke ongeskonde was. Chirurgie het die inligting beperk tot die inligting waartoe hulle toegang gehad het – byvoorbeeld die regteroog kon slegs inligting aan die linkerhemisfeer oordra – maar die vermoë om te redeneer, gevolgtrekkings te maak en konseptueel te dink, was nie in die *minste* geraak nie, alhoewel hulle brein letterlik in twee verskillende dele verdeel was – nie in staat om met mekaar te kommunikeer nie.

Om sy navorsingsresultate volledig te verklaar, het Sperry tot die gevolgtrekking gekom dat 'n mens die area van *idees* en *bewussyn* nie net as 'n neweproduk van die chemikalieë en molekules van die brein behoort te beskou nie, maar eerder as lewensbelangrike elemente wat

***Vervolg op bladsy 26***

# Eie[r]soortige uitvinding

## Deur Stuart Wachowicz

**Die kans is groot dat u nog nie gehoor het** van Joseph Leopold Coyle nie, maar tog gebruik min mense in die ontwikkelde wêreld nie gereeld een van sy uitvindings nie – 'n nuwigheid wat die lewe waarskynlik baie geriefliker vir u maak – veral met ontbyt.

Vir die meeste van ons is die lewe van vandag op baie maniere geriefliker as wat dit vir ons grootouers was as gevolg van talle redelik eenvoudige uitvindings wat nou as vanselfsprekend beskou word. Wanneer ons dink aan lewensveranderende uitvindings, dink ons dikwels aan baie ingewikkelde masjiene soos vliegtuie, enjinaangedrewe vervoer of dalk selfs MRI-masjiene. Ons daaglikse lewens word egter ook baie makliker gemaak deur 'n groot verskeidenheid skynbaar onbeduidende artikels, wat dikwels oor die hoof gesien word omdat dit as gewoon en alledaags beskou word.

Ons is nie besonder beïndruk wanneer ons dink aan 'n verfroller nie. dit is eenvoudig, maar tog uiters tydbesparend, of miskien die ritssluiter, wat baie take vergemaklik. Albei hierdie uitvindings het 'n sterk Kanadese verbintenis. Laat ons egter in hierdie artikel kyk na iets wat ons waarskynlik nie eers as 'n uitvindsel sal beskou nie.

**Miljarde eiers**

Vir eeue lank, selfs millennia, was een van die groot uitdagings vir boere, asook die verkopers van plaasprodukte en verbruikers, hoe om 'n baie belangrike voedselproduk na die mark en dan na die huis te vervoer sonder smerige en onherstelbare skade.

Eiers is 'n belangrike deel van die dieet van miljoene mense. In 2018, volgens *Statistics Canada*, het Kanadese boere net meer as 800 miljoen dosyn – ongeveer 9,6 miljard – eiers geproduseer ("*Poultry and egg statistics, May 2019 and annual 2018*," *StatCan.gc.ca*, 27 Mei 2019). In 2020 het plase in die Verenigde State, 111,6 miljard eiers geproduseer ("*Total egg production in the United States from 2000 tot 2020*", *Statista.com*, 19 April 2021). Dit is moeilik om mens self so 'n hoeveelheid voor te stel. China, die wêreld se grootste produsent en verbruiker van eiers, het 31 miljoen ton hiervan in 2016 geproduseer – ongeveer 566 miljard eiers ("*Egg production in China*," *World's Poultry Science Journal*, Junie 2018, bl. 1-10).

Eiers is 'n baie belangrike bron van proteïene en vitamiene vir 'n groot persentasie van die wêreldbevolking. In meer landelike omgewings kan baie mense 'n paar hoenders grootmaak om in die plaaslike aanvraag te voldoen, maar die meerderheid van die aarde se bevolking wat nou in stede en groot dorpe gekonsentreer is, maak staat op voedsel wat versprei word vanaf gebiede van landbouproduksie na markte en dan na hulle tuistes.

Baie – indien nie die meeste nie – van hierdie eiers sou hopeloos deurmekaar geskommel gewees het, tensy daar een of ander manier was om dit te vervoer sonder om die brose doppe te kraak of te breek. Dit was vantevore 'n voortdurende probleem. Die versameling en verskuiwing van eiers na die mark en dan na die huise van kopers het groot verliese veroorsaak as gevolg van gebreekte eierdoppe.

Joseph Leopold Coyle verskyn op die toneel. Hy is in 1871 in die Kanadese provinsie Ontario gebore en het as landmeter gewerk en later ingeskryf as leerling-joernalis. In 1906 vestig hy hom in Smithers in die pragtige *Bulkley Valley* van Brits-Columbia en stig in 1910 *The Interior News*, wat vandag nog gepubliseer word. Coyle was 'n baie vindingryke en kreatiewe man wat probeer het om items uit te dink wat praktiese, alledaagse probleme sou oplos.

In 2017 word 'n artikel in die *Times Colonist* gepubliseer wat gehandel het oor die bydraes van Kanadese uitvinders en onder andere die agtergrond van een van Coyle se uit-

vindings:

"Destyds was *The Interior News* se kantoor geleë op 'n plek wat bekend gestaan het as Aldemere [Smithers] in Bulkley Valley in Brits-Columbia, naby 'n hotel waar daar 'n gereelde woordestryd plaasgevind het tussen die hotel-eienaar en 'n boer, Gabriel Lacroix. Die eienaar kon dit nie hanteer dat sy gereelde bestelling eiers dikwels as 'n mengsel van loperige eiergele by hom uitgekom het nie.

Op 'n dag het Coyle hierdie argument gehoor en dit was – volgens die legende – op daardie oomblik dat 'n blink gedagte by hom opgekom het. Hy het besluit om 'n houer te skep om die eiers ongeskonde te hou vanaf die hoenderhok tot by die kliënt. In 1917 het hy aansoek gedoen vir patenteregte vir die produsering van 'n 'eenvoudige, goedkoop en veilige' manier om 'n dosyn eiers saam in 'n eierhouer te vervoer wat elke eier regop hou en ondersteun" ("*Our invenors changed the world,*" *Times Colonist*, 27 April, 2017).

Coyle se ontwerp het deur die jare verander en die aanvraag na hierdie nuwe eierhouer het internasionaal versprei; hy het 'n oplossing vir 'n wêreldwye probleem uitgevind. Hy het egter nou 'n nuwe probleem gehad en dit was om tred te hou met bestellings en die behoefte om produksie uit te brei. Om en by Maart 1920 het hy dus 'n masjien ontwerp wat die eierhouers effektief kon vervaardig uit sagte, maar ferm houtpulppapier by fabrieke wat hy in Londen, Ontario en Vancouver, Brits-Columbia asook in die Verenigde State in San Francisco, Kalifornië en Chicago, Illinois gevestig het.

Nie lank nadat hy sy uitvinding bekend gestel het nie, het Coyle gevind dat baie mededingers dit namaak, terwyl sommige van hulle, patentskendings vermy het deur plastiek in plaas van pulp te gebruik. Mededinging en regskoste het verhinder dat hy ryk kon word vanweë sy uitvinding – nietemin was Coyle heeltemal welaf – hy het die lewe saam met sy gesin geniet. Hy het in 1972 op die ouderdom van 100 gesterf. Nie een van sy ander uitvindings het die wêreldwye impak geëwenaar van die nou baie algemene eierhouer, wat elke jaar miljoene kilogram eiers beskerm teen toevallige vernietiging nie.

Die brose eier het beskerming nodig teen stampe en stote. Coyle se eierhouer omvou elke eier in 'n beskermende kokon. Een eenvoudige en briljante idee, gekombineer met baie werk en beleggings, het meegebring dat miljoene eiers na markte en van daar af na die borde van die wêreld se mense vervoer kon word. Verliese vir boere, verskepers, kleinhandelaars en kliënte is drasties verminder, wat die wins verhoog en die kostes vir die verbruiker verminder het.

**Hanteer versigtig**

Ons mense, soos die nederige eier, is broos. Ons is nie net kwesbaar vir fisiese skade nie, maar ook vir invloede en omstandighede wat ons verstandelike en selfs geestelike gesondheid kan benadeel. Ons leef in 'n wêreld wat lewensbeskouings bevorder wat teenstrydig is met gesonde verstand, aangesien opstandiges alles uitdaag, vanaf die werklikheid van die tweeledige geslags/seks-waardes tot die waarde van die menslike lewe self. Baie mense ontken nou die belangrikheid van werk, matigheid, eerlikheid asook lojaliteit binne die huwelik. In werklikheid weet die meeste mense in hulle harte dat om toe te gee aan hierdie sosiale druk die "doppe sal laat kraak" en tot onaangename en tragiese resultate sal lei.

Die Uitvinder van menslike wesens het egter 'n geestelike "eierhouer" geskep om ons te beskerm teen die verwoesting van 'n wêreld wat teen Sy plan vir ons is – 'n wêreld waarin die huidige geestelike leier streef na die vernietiging van die Waarheid en uiteindelik van die hele mensdom (Johannes 8:44; 2

*Vervolg op bladsy 22*

# Bid vir die vrede van Jerusalem
# Sal Jerusalem ooit vrede hê?

**Deur Peter Nathan**

Sedert die ontstaan van die moderne staat Israel op 14 Mei 1948, ongeveer 73 jaar gelede, het diplomate en politici probeer om vrede na Jerusalem en die omgewing te bring. Tog het die nasie gedurende daardie tyd talle oorloë, terreurdade en burgerlike ongehoorsaamheid gesien – wat heelwat lewensverlies tot gevolg gehad het. Vrede bly steeds onbereikbaar.

Dit behoort dan nie 'n verrassing te wees dat die Bybelse Psalmdigter ons aanmoedig om te bid vir die vrede van Jerusalem nie, wat nou nog noodsaakliker is vir hierdie plek as ooit tevore (Psalm 122:6). Die ironie is natuurlik dat die naam van die stad in die Hebreeuse taal bloot "stad van vrede" beteken – dit is nodig om vir die stad van vrede soos wat die naam dit definieer, te bid. Wat gaan aan?

Die Abraham-ooreenkomste, 'n diplomatieke deurbraak waaroor daar onderhandel is tydens die regering van die Verenigde State se president, Donald Trump, is vernoem na die Bybelse patriarg, Abraham. Hy was die vader van twee seuns, Ismael en Isak, wat op hulle beurt die stamvaders van die Arabiese en Joodse volke was. Vir die eerste keer sedert Israel se ontstaan in 1948, het hierdie ooreenkomste, Israel in staat gestel om diplomatieke betrekkings aan te knoop en bande met die Verenigde Arabiese Emirate en Bahrein te normaliseer, asook met ander Islamitiese lande regoor die Moslem-wêreld.

Aangevuur deur 'n diepgaande haat, het 'n groot deel van die Arabiese en Islamitiese wêreld die reg van die Staat van Israel ontken. Voor die Abraham-ooreenkomste kon Israel slegs vredesooreenkomste met Jordanië en Egipte aangaan. Ander state het nog nie formele diplomatieke verhoudings met Israel aangeknoop nie, maar deur die Abraham-ooreenkomste dra hulle aanvaarding van Israel se teenwoordigheid op 'n ander wyse dieselfde boodskap oor. Saoedi-Arabië laat byvoorbeeld aan die Israelse nasionale lugdiens, El Al, oorvlug-regte toe om die lande van die Persiese Golf te bereik. Onlangs het die Verenigde Arabiese Emirate 'n belegging van US $1 biljoen (miljoen miljoen) in die gasvelde aan die kus van Tamar in Israel gemaak. Tegnologiese vennootskappe met Arabiese finansiers floreer in Israel, terwyl die strande van die Golfstate gewild geraak het vir Israeliese toeriste.

**Selfgesentreerde politiek?**

Die Abraham-ooreenkomste is egter nie die enigste veranderings waardeur Israel geraak word nie. Ander veranderings in verhoudings vind plaas tussen state in die gebied. Hoe revolusionêr die Abraham-ooreenkomste ookal mag wees, vorm dit deel van 'n geheelbeeld van veranderende verhoudings. Terwyl die Verenigde State sy betrokkenheid in die gebied afskaal, wil Rusland en China die vakuum vul. Dit veroorsaak 'n verskuiwing van belange tussen die verskillende state in die streek.

In Israel self lyk dit asof 'n politieke dooiepunt voortduur na die vierde verkiesing in twee jaar. Israel se langsdienende premier, Benjamin Netanyahu, sukkel om genoeg steun te verkry om 'n nuwe regering te vorm, maar tog lyk dit asof geen ander politikus of politieke party 'n beter kans het nie. Netanyahu se probleme as leier van die Likud-party weerspieël die aktief-veranderende bewegings en verskuiwings wat regdeur die Midde-Ooste plaasvind en wat ons daaraan herinner dat die vrede van Jerusalem van beide binnelandse en buitelandse faktore afhang.

Die opposisiepartye in Israel word deur slegs een idee verenig – om Netanyahu uit die rol as premier van die land te verwyder. Waarnemers het die huidige dooiepunt beskryf as "die politiek van selfidentiteit"

("*Israel is entering the era of self identity politics*," *Arutz Sheva*, 26 April 2021). Waarom? Anders as die VSA met sy twee groot politieke partye, is daar in die jongste verkiesing in Israel, tien politieke partye verkies tot sy parlement, die Knesset. Kiesers het hulle keuse gemaak – nie vir 'n party wat noodwendig die beste geskik is om 'n funksionerende regering te lei nie, maar eerder vir die party wat hulle individuele etniese, godsdienstige, politieke en sosiale identiteit die beste verteenwoordig. Ander nasies ervaar dit tot 'n ander mate, maar Israel is die voorloper – moontlik tot sy eie vernietiging.

Diegene wat vertroud is met die Bybel, mag dalk oplet dat hierdie situasie klink na 'n herhaling van 'n ander tydperk in Israel se geskiedenis, soos wat dit uiteengesit is in die Bybelboek, Rigters. Die slotvers van daardie boek som 'n situasie op wat twee keer in vorige hoofstukke uiteengesit word en som die hele boek op: "In dié dae was daar geen koning in Israel nie: elkeen het gedoen wat reg was in sy oë" (Rigters 21:25).

**Bondgenootskappe tussen volke wissel vinnig**

"Self-identiteit politiek" is egter nie net 'n binnelandse Israeliese probleem nie. Regdeur die Midde-Ooste verander bondgenootskappe vinniger as 'n verkleurmannetjie om by sy omgewing aan te pas.

Danksy president Biden raak die V.S. weer betrokke by Iran met hulle kern-ambisies, 'n rede tot kommer onder die ander Midde-Oosterse state sowel as in Israel. Nuusberigte verbind Israel aan 'n aantal aanvalle teen die Iranese kernprogram, wat terugdateer na die Stuxnet-virus van 2010 en meer onlangs, in 2020, na die sluipmoord op Iran se voorste kernkundige. 'n Voorval in April 2021 by die Iranse verrykingsaanleg by Natanz het baie van sy sentrifugale toerusting wat gebruik word om uraan te verryk, verlam of vernietig. Israel het nie verantwoordelikheid vir hierdie gebeure aanvaar nie en dit het Iran se onverbiddelike begeerte om Israel te vernietig, verskerp. Israel is egter ook duidelik betrokke by optredes teen die Iranese skeepvaart wat volgens hulle, wapens aan Sirië of aan Hezbollah, Iran se verteenwoordiger in Libanon lewer. Israel teiken lank reeds Iran se fasiliteite en aktiwiteite openlik in Sirië.

Die klimaat vir die Abraham-ooreenkomste is versterk toe Saoedi-Arabië in 2016 die diplomatieke betrekkings met Iran verbreek het. Omdat hulle nie net bekommerd was oor Iran se kernambisies nie, maar ook as gevolg van sy [Iran] steun aan Houthi-rebelle in Jemen, aan die suidelike grens van Saoedi-Arabië. Meer onlangs het die Saoedi's egter weer met Iran gesprekke gevoer. Sal die Saoedi's daarin slaag om met Iran sowel as sy mees gehate vyand, Israel, bevriend te raak? Intussen reik die NAVO-lid, Turkye – 'n nasie wat al lank reeds 'n wêreldse of westerse benadering tot Islam ondersteun – uit na Iran as die leier van Sjiïtiese Islam en na Saoedi-Arabië as die spilpunt in die wêreld van die Soennitiese Islam. Sal die voormalige drierigting-verdeling tussen wêreldse, Soennitiese en Sjiïtiese belange bly bestaan of sal die verskuiwing van bondgenootskappe, kleiner rolspelers in staat stel om hulle eie belange te bevorder?

Om een of ander rede blyk dit dat vrede in die Midde-Ooste buite bereik bly. Deur Sy profete het God, antieke Israel gewaarsku om versigtig te wees vir aansprake van vrede (Jeremia 4:10; 6:14; 8:11; Eségiël 13:10). In die tye van Jeremia en Eségiël het Jerusalem voor die onafwendbare onderwerping en uiteindelike ballingskap deur die Babiloniese Ryk te staan gekom. Vandag mag iemand 'n "Jeremia" genoem word omdat hy herhaaldelike, smeekgebede doen – net soos Jeremia sy nasie vurig en herhaaldelik gewaarsku het om verby die aanloklikheid van mensgemaakte vredesverdrae te kyk.

Vrede van binne en van buite, sal mettertyd na Jerusalem en Israel kom. Dit sal egter nie deur menslike politiek en diplomasie teweeg gebring word nie. Die profeet Sagaría het ná die ballingskap in Babilonië geskryf en gewaarsku dat Jerusalem 'n baie swaar klip sal wees waardeur alle nasies wat hulle met haar sake bemoei, seergemaak sal word (Sagaría 12:2-3).

Die vrede waarvoor die

Psalmdigter ons gevra het om te bid, sal nie voortvloei uit 'n vredesooreenkoms wat deur mense opgestel is nie, maar sal in harmonie met die geopenbaarde wil van God wees. Daardie geopenbaarde wil word in die bladsye van die Bybel uiteengesit, wat aantoon dat Jerusalem die middelpunt van wêreldvrede sal wees ná die Wederkoms van Jesus Christus. Indien u meer wil weet oor die wonderbaarlike veranderings wat binnekort in hierdie omgewing sal aanbreek, kan u ons gratis boekie *Die Midde-Ooste in Profesie* aanvra. WvM

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

***Vervolg vanaf bladsy 26 – Na ons eie beeld***

daardie dag is dit met sy planne gedaan" (Psalm 146:4).

Oorweeg die verskil tussen 'n "speler-klavier" – 'n klavier met 'n draaiende trommel wat vooraf geprogrammeerde instruksies weergee om die klawers te bespeel – en 'n ervare musikant wat by 'n fyn ingestelde instrument gaan sit om 'n meesterstuk uit te voer. Daar mag dalk aanvanklik 'n oppervlakkige ooreenkoms wees, maar wanneer die voorafgeprogrammeerde note klaar gespeel het, eindig die ooreenkoms. So het ook alle menslike pogings om KAI te skep, tekortgeskiet aan die wonderlike werklikheid van die menslike verstand.

Ons mag dalk – in werklikheid sal ons dit sekerlik doen – al hoe nader aan oortuigende namaaksels van die egte ding kom. Die droom om die wonder van die menslike verstand werklik en volledig weer te gee op die gebied van silikon en koperdraad, sal waarskynlik net dít bly – 'n droom.

**Beperkte KI en onbeperkte menslikheid**

Die menslike brein sal voortgaan om fassinerende benaderings van homself te skep, namate wetenskaplikes meer komplekse sagteware ontwikkel wat met vlees-en-bloed-mense kan kommunikeer. Dit sal sekerlik 'n al hoe omvattender toepassing skep van wat nou beperkte probleemoplossende kunsmatige intelligensies is.

Hoe meer ons egter vorder deur onsself na te maak deur middel van KAI, hoe meer sal ons ontdek wat die komplekse nuanses van ons eie menslike beeld betref. Hoe meer ons leer in ons pogings om ons menswees te "reproduseer" hoe meer leer ons oor onsself – met inbegrip van die wonderlike ontdekking dat ons baie meer is as 'n samestelling van chemikalieë wat geproduseer word deur herhaalbare fisiese prosesse. Ons is eintlik meer as die som van ons fisiese dele. Ons is inderwaarheid iets verstommends.

Inderdaad, hoe gepas is hierdie woorde wat aan Wilder Penfield toegeskryf word: "Hoe min weet ons van die aard en gees van die mens en God. Ons staan nou voor hierdie innerlike grens van onkunde. Indien ons dit sou oorbrug, mag ons dalk die betekenis van lewe ontdek en die mens se bestemming verstaan". God openbaar inderdaad wat die mensdom nié kan ontdek nie – nie net dat daar 'n gees in die mens is nie, maar ook dat die mensdom 'n wonderlike eindbestemming het wat deur ons Skepper bepaal is.

Daardie bestemming sal uiteindelik nie gevind word in die mens se stryd om tegnologie na sy eie beeld te skep nie, maar in sy herontdekking dat hy self gemaak is na die beeld van 'n Ander Een. Met een voet in die fisiese ryk en een in die geestelike ryk, dra ons die vingerafdrukke van ons Goddelike Ontwerper op 'n wyse wat ons met verwondering behoort te vervul en te laat nadink: Vir watter doel het Hy ons so gemaak? Hoe het ons ons lewens in harmonie gebring met daardie doel?

Ons pogings om iets na ons eie beeld te skep, behoort die nederige betekenis van die feit dat ons volgens Sy beeld gemaak is, te beïnvloed. WvM

# Indië se Coronavirus-krisis

## Deur Timothy Mager

Ondanks 'n bevolking van 1,4 miljard mense wat op 'n vasteland, 'n derde van die grootte van die Verenigde State, woon, het die meeste kenners Indië lof toegeswaai omdat hulle die COVID-19-pandemie vir meer as 'n jaar lank so goed hanteer het. Suksesvolle beheer van die Coronavirus het egter in April 2021 vinnig agteruitgegaan, toe daar 'n toename in gevalle, elke week honderde duisende nuwe slagoffers besmet is. Met die hoogtepunt tydens die toename in Mei, is 'n rekord van 400,000 COVID-19 gevalle elke dag in Indië aangemeld. In die eerste week van Mei alleen het Indië 2,7 miljoen nuwe COVID-19-gevalle en 234,000 sterfgevalle gerapporteer ("*India reports over 400,000 daily cases for the third time in a week as second wave hammers country*," *CNBC.com*, 7 Mei 2021).

Teen die einde van Junie 2021 het Indiese gesondheids-owerhede meer as 30 miljoen gevalle van COVID-19 aange-teken en byna 400,000 sterf-gevalle – wat Indië toe in die die tweede plek naas Amerika geplaas het wat betref die aantal mense wat deur die virus geraak is.

Daar word vermoed dat verskeie faktore tot die toename bygedra het. Teen Januarie het die land oorgerus geraak oor pandemie-beperkings. Die dra van maskers het afgeneem en tydens sport, godsdienstige geleenthede en politieke byeenkomste het toenemende getalle mense bymekaargekom in beknopte ruimtes sonder om sosiale afstand te handhaaf ("*Inside India's COVID-19 Surge*," *NewYorker.com*, 4 Mei 2021).

Hospitale en mediese fasiliteite in Indië was oorweldig deur die skielike toename in infeksies in April en eers teen die middel van April was slegs een persent van die Indiërs volledig teen die virus ingeënt. Teen die einde van Junie was minder as vier persent Indiërs volledig ingeënt, in vergelyking met die koers van die Verenigde Koninkryk wat bo 60 persent was en die V.S. se koers wat bo 50 persent was.

### Verwoestings van dood en siekte

Die skielike toename het in so 'n kort tydperk soveel sterftes veroorsaak dat burgers wat geliefdes in die hoofstad van die land, Nieu-Delhi, verloor het, tydelike verassings-gebiede geskep het en hulle tot massa-begrafnisse gewend het ("*Mass cremations in New-Delhi as India's capital faces deluge of COVID-19 deaths,*" *ABC.net.au*, 23 April 2021). Alhoewel krematoriums dwarsdeur die nag gebrand het, kon werkers nie voorbly met die voort-durende aflewering van nog lyke wat verbrand moes word nie. In arm plattelandse dorpies is liggame in vlak sandgrafte begrawe of COVID-19-slag-offers is in die Ganges-rivier gestort en die polisie het die lyke stroomaf gevind waar hulle op die rivieroewers uitgespoel het ("*Bodies of COVID-19 victims among those dumped in India's Ganges – govt document*," *Reuters.com*, 16 Mei 2021).

As gevolg van die afwesig-heid van moderne mediese hulpmiddels, het baie besmette Indiërs verkies om op hulle Hindoe-geloof en sy heilige simbool, die koei, te vertrou deur te reis na koei-skuilings en hulle liggame met koeimis, urine en melk gesmeer ("*Indian doctors warn against cow dung as COVID cure,*" *Reuters.com*, 11 Mei 2021) en die vrees laat toeneem dat ander siektes dalk versprei kon word deur hierdie potensiëel gevaarlike praktyk.

Onhigiëniese toestande was ook 'n faktor wat dit moont-lik gemaak het vir die virus om vinnig regdeur Indië te versprei. *UNICEF India* berig dat 50 miljoen mense in 15 stede geen toegang tot veilige en bekostig-bare drinkwater het nie ("*In urban India, 50 million people in 15 cities have no access to safe, and affordable drinking water: Unicef-report,*" *Hindu-stanTimes.com*, 24 April 2021). Daarbenewens is die landelike sanitasie-stelsel in wanorde, aangesien "ongeveer 1,200,000 toilette geen watertoevoer het

nie en duisende toilette is heeltemal verlate, met dakke wat inmekaargetuimel het, waterpype in swak toestande en deurweekte gebreekte deure" ("*The pandemic has exposed India's dirty truth: a broken sanitation system,*" *IndianExpress.com*, 29 April 2021). In die afwesigheid van veilige drinkwater en behoorlike afvalbestuur, kon die virus 'n groter tol eis op siek en swak gevoede liggame.

**Impak op die wêreld**

Die krisis in Indië het lande wêreldwyd geraak deur die beskikbaarheid van entstowwe te beperk, aangesien Indiese entstofvervaardigers hulle eie desperate burgers voorkeur gegee het. Indië is tans die wêreld se toonaangewende vervaardiger van entstowwe en meer as 70 lande, waaronder Brittanje, het op Indië gesteun om 60 miljoen dosisse Astra-Zeneca-entstof vir hulle inentings-programme te voorsien ("*India Cuts Back on Vaccine Exports as Infections Surge at Home*," *NYTimes.com*, 25 Maart 2021). Sedert die toename in gevalle, het Indië ook besluit om die uitvoer van entstowwe na armer lande wat op dié land staatmaak vir hulle eie inenting, grootliks te verminder.

Dit alles is 'n harde slag vir 'n wêreld wat sy hoop op entstowwe vestig om nasionale ekonomieë weer op die been te bring, wêreldreise opnuut aan te moedig en vertroue te gee aan mense wie se lewens diep deur die pandemie geraak is. As 'n verdere knou vir die land se vooruitsigte, lyk dit asof daar meer probleme voorlê. Met die verskyning van 'n nuwe virusvariant, bekend as "Delta Plus" het openbare gesondheidskundiges gevrees dat die nuwe variant teen September of Oktober 2021 tot 'n derde golf van infeksies kon lei ("*Can India Prevent Third* Covid *Wave*?" *BBCNews.com*, 24 Junie 2021).

Intussen sien ons die impak van ons nou-gekoppelde wêreldekonomie. Australië het baie goed gevaar om die impak van COVID-19 tot die minimum te beperk en het onlangs 70 mense met dubbel Indiër-Australiese burgerskap – wat óf positief vir die virus getoets het óf in noue kontak met 'n positiewe geval was – verhoed om terug te gaan na daardie land ("*More than as 70 passengers barred from first repatriation flight from India after 40 test COVID positive*," *SBS.com.au*, 14 Mei 2021).

**'n Beter toekoms is op pad**

Jesus Christus het Sy dissipels gewaarsku dat daar in die laaste dae pessiektes op verskillende plekke sou uitbreek, maar dit sou slegs die begin van smarte wees (Matthéüs 24:7-8). God het ook aan die Israeliete gesê dat Hy terreur en siektes oor hulle sou bring indien hulle sou weier om Hom te gehoorsaam (Levítikus 26:14-16). God beloof egter om diegene wat Hom volg en hulle bekeer, te vergewe en van seëninge van gesondheid en vrede te voorsien (Jeremia 33:6, 8).

Hierdie is nie bemoedigende tye nie, maar daar *sal* 'n einde aan pandemies kom! Indië en ander siektegeteisterde nasies van hierdie wêreld sal gereinig en beskerm word teen dodelike siektes wanneer God se hand die weg na 'n gesonder toekoms lei. 'n Dag sal aanbreek wanneer die hele mensdom in behoorlike higiëne onderrig sal word. Dit sal beskikbaar wees vir alle mense en effektiewe gesondheidsbeginsels sal toegepas word om springlewendige blakend gesonde samelewings te bevorder. God verwag van ons om ons bes te doen om ons liggame waarmee Hy ons geseën het, te versorg. Die apostel Paulus skryf: "Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (1 Korinthiërs 6:19-20). Selfs tydens hierdie gesondheidskrisis kan u nuttige Bybelse gesondheidsbeginsels in u eie lewe toepas. Lees ons aktuele boekie, *Bybelse beginsels van gesondheid* aanlyn by wvm.co.za of bestel u gratis eksemplaar by die streekkantoor die naaste aan u. Sien die streekkantore op bl. 2.

Wanneer Jesus Christus terugkeer en die Koninkryk van God 'n onstabiele wêreld sal vervang deur perfekte orde te bring, sal alle bose dinge verwyder word, saam met die pyn en lyding wat dit veroorsaak. Uiteindelik sal daar nie meer pyn wees nie! Die apostel Johannes

is geïnspireer om ons 'n vlugtige blik op hierdie nuwe wêreldregering te gee wat binnekort sal kom, wanneer hy skryf: “En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan” (Openbaring 21:4). Deur te bid en na God te soek en uit te sien na Sy vinnig-naderende Koninkryk, kan ons hoopvol en vol vertroue wees dat 'n glorieryke toekoms die beproewings van hierdie huidige tydperk sal oortref. Mag God daardie dag bespoedig!

---

*Vervolg vanaf bladsy 16 – Eie[r]soortige uitvinding*

Korinthiërs 4:4; 1 Petrus 5:8). Daardie beskermende eierhouer is God se Wet, wat saamgevat word deur tien oorheersende beginsels (Exodus 20:1-17; Deuteronómium 5:6-21). Alhoewel die eierhouer as eenvoudig beskou word, maar aan die eiers belangrike beskerming bied, word God se Wet dikwels as verouderd of eenvoudig afgemaak, selfs al bied dit die mens veiligheid teen groot benadeling.

Koning Dawid van Israel is geïnspireer om te skryf oor die geestelike beskerming wat gegee word aan diegene wat op die God van die Bybel vertrou: “Want U seën die regverdige, o HERE, U omring hom met welbehae soos met 'n skild” (Psalm 5:13). Let daarop dat die Skrif, geregtigheid definieer as die onderhouding van God se Gebooie. Dawid het onder inspirasie geskryf: “My tong sal u woord besing, want al u gebooie is geregtigheid” (Psalm 119:172).

# Genees God VANDAG?

***Die Bybel toon aan ons dat daar ’n dag kom wanneer siekte-epidemies ons wêreld sal teister. Dokters en hospitale sal oorval word deur siekes en sterwendes. Diegene wat nie geleer het om op God te vertrou nie, sal geen heenkome hê nie. Indien u egter vandag leer om op God te vertrou en Hom gehoorsaam, sal u geseënd wees, moontlik selfs meer as wat u besef!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Vrae & Antwoorde

## Roep God ons, of kies ons Hom self?

**Vraag:** Ek lees in Johannes 6:44 dat dit God die Vader is wat ons tot Sy Waarheid roep en dat ons Hom nie kan kies tensy Hy ons na Hom toe trek nie. Ek het gedink ons het die vryheid wat ons toelaat om Hom sélf te kies, maar hierdie vers laat dit lyk asof ons nie 'n keuse het nie. Het ons?

**Antwoord:** Eerstens is dit nodig om te verstaan dat dit God se wil is dat almal 'n ware geleentheid tot die ewige lewe sal ontvang (Johannes 3:16-17; 2 Petrus 3:9). God sal nie Sy aanbod van redding weerhou van enigiemand wat ooit geleef het nie, en sal elkeen van ons op ons eie tyd roep soos dit Hom behaag (Romeine 9:15; 1 Timótheüs 2:3-5).

Baie mense besef egter nie dat *God nie nou almal roep* nie. Indien Hy die hele mensdom gedurende hierdie tydvak wou red, sou ons Sy poging, 'n kolossale mislukking moes noem. Inderdaad, indien God nou die hele wêreld *sou wou* red, sou Hy daarin slaag! Beoog God nie redding vir die ontelbare miljoene mense wat gesterf het sonder om ooit die Naam van Jesus Christus te hoor nie? Natuurlik het Hy dit in gedagte! Die Skrif vertel vir ons van 'n toekomstige tyd wanneer almal wat ooit geleef het, die ware Evangelie en die roeping van God sal hoor (Eségiël 37:1-14; Romeine 11:26; Openbaring 20:5, 11-13). Ons lees egter ook dat God sommige as "eerstelinge" roep (Jakobus 1:18) sodat hulle die geleentheid gebied kan word om selfs in hierdie bose tyd, op die Evangelie te reageer.

### Ons groot verantwoordelikheid

Van die oomblik af dat Adam en Eva besluit het om Satan te volg in plaas van om die opdragte van hulle Skepper te gehoorsaam (Génesis 3), het God die mensdom toegelaat om te eksperimenteer met tallose oplossings vir die wêreld se probleme wat deur die mens self uitgedink is. Die Bybel en die wêreldse geskiedenis getuig van die mens se totale mislukking om sy omgewing en homself te regeer. God laat ons deur die metode van beproewings en foute leer dat om dinge op ons eie manier te doen, nie die blywende vreugde, sukses en vervulling – wat ons almal begeer – sal bring nie. Nogtans, te midde van hierdie siek sondige wêreld, roep God sommige mense *nou* om Hom te dien. Uiteindelik sal almal geroep word om lede van Sy gesin te word (Hebreërs 2:9-11). God lei diegene wat Hy roep na die liggaam van Christus, naamlik Sy Kerk (1 Korinthiërs 1:2; 12:13). Hy bring ons tot bekering (2 Timótheüs 2:25-26).

Diegene wat nou tot bekering geroep is en die Gees van God gegee is, het 'n groter verantwoordelikheid om die sonde te oorwin deur die krag van daardie Heilige Gees (Kolossense 3:5-10). Sodra ons dus geroep en geplaas is in die Kerk wat Christus gebou het (Matthéüs 16:18) deur die krag van God se Heilige Gees, bly ons steeds vry om ons eie keuses te maak. Ons het nog steeds die vryheid om aan die Goddelike wil ongehoorsaam te wees, maar die straf om hardnekkig voort te gaan om God se Wet te oortree, sal uiteindelik 'n streng en sekere straf meebring (Romeine 6:23; Hebreërs 9:27-28; 10:26-27).

### Ons verstommende geleentheid

God het sommige mense in alle eeue geroep om getuies te wees teen die euwels en sondes van hierdie wêreld (Deuteronómium 8:19-20). Jesaja 59 getuig sonder omhaal van woorde van God se gesindheid ten opsigte van die opstandige lewenswyse van die mensdom. Selfs vandag nog roep God sommiges om deel te hê aan Sy finale waarskuwing aan hierdie sterwende en ongehoorsame wêreld. U het in aanraking gekom met die werk wat God vandag deur Sy Kerk doen. Indien u dus opreg na die waarheid van God soek en meer wil leer oor Sy plan vir u plek in Sy Koninkryk, gaan voort om u Bybel deeglik te bestudeer en lees noukeurig wat die *Lewende Kerk van God* op *wvm.org* aanbied.

Vra God om u te wys wat u behoort te doen en watter rol Hy verkies u kan vervul. Indien God u nóu roep, word u geseën met die geleentheid om deel te wees van die eerste opstanding (Openbaring 20:5-6) en om God te dien deur onder Jesus Christus te regeer in die vinnig-naderende toekomstige Duisendjarige Vrederyk. Wat 'n verstommende roeping! WvM

# Die werke van Sy hande

## Die wandelende menslike apteek

### Deur Bryan Fall

Terwyl u hierdie artikel begin lees, vind daar 'n hele aantal chemiese prosesse in u liggaam en brein plaas. U liggaam bevat hordes selle wat elke sekonde chemiese reaksies ondergaan. Die aantal selle in die menslike liggaam word geskat op meer as 30 triljoen; selfs al sou elke sel slegs een chemiese reaksie per sekonde ondergaan, sou dit steeds *meer as 30 triljoen chemiese reaksies per sekonde wees.* Stel u voor so baie chemiese reaksies in 'n chemiese klaskamer op hoërskool, wat nog te sê in een menslike liggaam: Dit is genoeg om 'n wetenskaponderwyser 'n hartaanval te gee.

Terwyl u lees, flits neuropeptiede deur u brein heen, 'n leër immuunfaktore reageer op die gewone daaglikse aanslag van omgewingspatogene, maagsure breek die gesoute pretzels af wat u so pas geëet het en boodskappermolekules wat hormone genoem word, verbind met die reseptorgebiede wat regdeur u liggaam is. U liggaam "diagnoseer" en "behandel" ook gesondheidstoestande voordat dit selfs deur mediese professionele persone opgespoor kan word. Aanvaar dit maar, u is 'n lopende, pratende menslike apteek.

**Chemikalieë, chemikalieë, chemikalieë!**

Selfs die apteke wat deur mense opgerig word, is ongelooflik ingewikkeld. Dit moet wees, aangesien diagnoses, behandelings en klassifikasie van die tienduisende behandelbare mediese afwykings self baie ingewikkeld is. Die Internasionale Klassifikasie van Siektes is 'n koderingsinstrument wat nou meer as 70,000 kodes bevat vir moontlike diagnoses ("*The switch from ICD-9 to ICD-10: When and why*," *ICD.codes*, 29 Oktober 2015).

Die stelsel word verder bemoeilik deur die magdom oorvleuelende behandelings en moontlike interaksies tussen medikasies. Mediese dokters en aptekers moet voortdurend opleiding kry om op hoogte te bly van die toepassings, waarskuwings, interaksies en toediening van 'n magdom van medisyne en farmaseutiese middels. Om hierdie uitgebreide stelsel te administreer, verg aansienlike menslike intelligensie – asook ontwerp.

Tog is u liggaam se verwerking van sy eie chemie nog meer verstommend in sy kompleksiteit. Soos 'n farmaseutiese vervaardigingsfasiliteit, 'n geneesheer en 'n apteek wat alles in een verenig is, verrig u liggaam al daardie rolle en meer. U liggaam kies en versprei op die regte tyd presies die regte chemikalieë wat op die regte tyd in die regte hoeveelhede die regte selle teiken. Die idee van toevallige evolusie wat so 'n reaksie van chemikalieë kon skep, is absoluut belaglik.

**Harmonie van u hormone**

Baie belangrike chemikalieë vorm 'n interne "apteek" in u liggaam, met inbegrip van die kragtige biochemikalieë genaamd hormone, wat gepaard gaan met tienduisende reseptore in verskillende spesifieke selle. Hormone word geproduseer deur agt hoofkliere – 'n meesterklier in die hipotalamus en sommige klieragtige weefsels, insluitend die ingewande en die hart ("*Anotomy of the Endicrine System*," *Hopkins Medicine.org*). Net soos die senuweestelsel, dra hormone ook boodskappe deur die liggaam. In teenstelling met elektriese impulse wat deur senuwees beweeg, word hormone in klein hoeveelhede in die bloedstroom vrygestel. Hierdie hormone is so kragtig dat die middelafstand-konsentrasies een deel van 'n hormoon per triljoen dele bloed kan wees. Dit kan vergelyk word met 'n druppel blou voedselkleursel in 38 miljoen liter water.

Gedurende u hele lewe probeer u liggaam 'n kritieke balans handhaaf, byna soos om te loop op 'n sweeftou. Met te veel van een hormoon begin u sterf; met te min van 'n ander hormoon, begin u verswak en word siek. Te veel estrogeen? Polisistiese ovariumsindroom of kanker. Te min testosteroon? Verswakte hart en immuunstelsel. Te veel skildklierhormoon? Hipertireose. Te min skildklierhormoon? Hipotiroïedisme. Die lys word al langer: insulien, glukagoon, adrenalien, kortisol, ens. Vol negatiewe en positiewe terugvoerende boodskappe soos termostate op u lugversorging, is hormooninteraksies in lae gerangskik vir oorvleuelende kontroles. Nie net funksioneer die endokriene kliere in 'n

interafhanklike netwerk nie, maar ook ander stelsels soos die senuweestelsel, die kardiovaskulêre stelsel en die immuunstelsel werk almal in oënskynlike harmonie met die endokriene stelsel.

**Absolute minimum kompleksiteit op sy beste**

Oorweldig? So is evolusioniste ook! Die raaisels van menslike hormone is baie en moeilik vir evolusionêre teoretici. 'n Swanger vrou se magdom van hormone word noukeurig opgestel om die ontwikkeling van 'n menslike fetus in die baarmoeder te verseker. Sonder immunologiese beheermaatreëls wat die ontwikkelende baba teen die moeder se eie immuunstelsel beskerm, sou al daardie kompleksiteit verniet wees. Die immuunstelsel van die moeder sou aanval wat hy as uitheemse selle sou beskou en geen fetus sou ooit gebore word nie. Hoe kon hierdie twee komplekse stelsels lukraak ontwikkel het om te voorkom dat mense uitsterf?

Net so verbasend is die oënskynlik onnodige hormoongeïnduseerde verskille tussen die geslagte. Geslagshormone soos estrogeen, prolaktien en testosteroon lewer strukturele en funksionele veranderings op en nie alle verskille gaan bloot oor voortplanting nie. Hormone veroorsaak byvoorbeeld aanhoudende veranderings in die breinfunksie en breinstruktuur (*Pilar Vigil et al*., "*Influence of sex steroid hormones on the adolescent brain and behavior: An update,*" *The Linacre Quarterly*, 2016, vol. 83, 3, bll. 308-329). Waarom? Indien hierdie verskille skynbaar onnodig is vir oorlewing, waarom is daar sulke duidelike fisiese verskille tussen mans en vrouens?

Evolusioniste trap klei in die verduideliking van weë en meganismes waardeur die endokriene stelsel sou kon ontwikkel het. Biologie- en dierkunde-tekste is opgeneem in die gebruik van "'n paar verslete woorde wat alomteenwoordig is in evolusionêre literatuur en niks verklaar nie: 'met verloop van tyd'. Darwiniste gebruik dikwels ruim gedeeltes van 'tyd' om makro-evolusionêre probleme weg te redeneer – maar dit is nie bewyse vir evolusie nie" (*Frank Sherwin*, "*Endocrine System Evolution: A Textbook Example*?," *Acts and Facts*, 2013, vol. 42, 9, bl. 15).

Ons vind ook sirkelredenasie in evolusioniste se geskrifte. Makro-evolusionêre progressie van spesies word swak geteoretiseer in pogings om morfologiese (of vorm) veranderings te verklaar op grond van afstammende spesies se vlakke van groeihormoon. In die lig van wilde statistiese onmoontlikhede word uitbundige woorde soos 'bars' mildelik in hoopvolle verklarings gestrooi (OC Wallis en M. Wallis, "*Molecular evolution of growth hormone (GH) in Celartiodaclyla: cloning and characterization of the gene encoding GH from a primitive ruminant, the chevrotain (Tragulus javanicus),*" *General and Comparative Endocrinology*, 2001, vol. 123, 1, bll. 62-72).

**Samewerking ten goede**

Die Bybel gee antwoorde wat veel verder strek as die toekenning van biologiese ingewikkeldheid aan niks meer as die towerkuns van gedagtelose tyd en gevoellose natuur nie. Die wonderlike lewende chemie van menslike hormone is een van die skepping se vele pragtige simfonieë van goed geordende ontwerp. Dit was God wat die man, die vrou en al die hormone en genetika wat daaraan verbonde is om 'n man of vrou te wees, geskep het (Génesis 1:27).

Daar is geen realiteit daarin dat die ontwerp van die mensdom afgeskryf kan word as 'n "gelukkige ongeluk" wat veroorsaak word deur blinde en ongekoördineerde natuurkragte nie. Inteendeel, elkeen van ons weerspieël die doelbewuste en doelgerigte hand van 'n Goddelike Ontwerper – een van verbasende intelligensie wat u met 'n duidelike *doel* geskep het. Na 'n tydperk van chaos en duisternis, het God gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis" (Génesis 1:26). Waarom na Sy beeld? Johannes het geskryf: "Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is" (1 Johannes 3:2-3).

U hormone, geslag, genetika en u *toekoms* is nie 'n toevallige fout of gebeurlikheid nie. Alhoewel u nog 'n bietjie hormonaal is, het u die geleentheid om 'n onsterflike kind van God te word. Vir meer inligting oor u ongelooflike menslike potensiaal, bestel u gratis eksemplaar van *Wat is die doel van die lewe* of lees dit aanlyn by wvm.co.za. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Na ons eie beeld*

op daardie chemikalieë en molekules reageer. "Geestelike kragte in hierdie spesifieke skema word as't ware in beheer geplaas", het Sperry afgesluit. "Dit gee die bevele en meet en pas die fisiologiese en fisies-chemiese prosesse aan tot 'n groter mate as wat die genoemde prosesse dit beheer. Dit is 'n metode wat die verstand weer in sy oorspronklike plek plaas, óór materie in 'n sekere sin – nie onder, buite of langsaan nie".

Deur die menslike verstand bloot te verminder tot die *fisiese komponente* van die brein volgens die formulering van Sperry, word daar nie rekening gehou met die komplekse aktiwiteit van menslike denke, bewussyn en wil nie. Alhoewel Sperry nie ontken dat mense 'n fisiese brein het soos dié van diere nie, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat sy siening van die verstand "wel ontken dat die hoër menslike eienskappe in die verstand en aard van die mens dieselfde is, of verminderbaar is tot die komponente waaruit dit vervaardig is".

Nog 'n voorstel dat "verstand" die fisiese brein oorheers, word gevind in neurochirurg Wilder Penfield se vooruitgang op die gebied van breinchirurgie om epilepsie te beheer. Penfield het bevind dat, wanneer hy breinoperasies op wakker pasiënte uitgevoer het, hy bepaalde verskynsels kon uitlok deur verskillende dele van die brein te stimuleer. Pasiënte sou besienswaardighede, reuke en ander fisiese gewaarwordinge ervaar – selfs emosies – wat veroorsaak was deur niks anders as sy elektriese stimulasie van dele van die brein nie.

Tog het hy opgemerk dat een resultaat *nooit* uit sy werk voortgespruit het nie: Geen stampe of stote van die brein het ooit abstrakte gedagtes by 'n pasiënt opgelewer nie. Dit het nooit 'n beweging in die pasiënt se intellek of konseptuele denke opgelewer nie. Terwyl fisiese gewaarwording uit die brein van sy pasiënte ontlok kon word, kon abstrakte gedagtes en konsepte nie voortgebring word nie. Om die waarheid te sê, aangesien pasiënte met hom kon kommunikeer en redeneer oor die denkbeeldige sensasies wat hy uitgelok het, het hy begryp dat hulle menslike intellek, redenasie en wil op 'n sekere manier *geskei* was van die werk wat hy aan die fisiese brein gedoen het.

Alhoewel Penfield sy loopbaan as materialis begin het – omdat hy geglo het dat daar niks meer aan die menslike verstand was as die versameling van materiaal waaruit die brein bestaan nie, het sy 30-jarige loopbaan in neurochirurgie hom gedwing om die posisie te heroorweeg en met die teendeel af te sluit: Dat iets, wat bestaan buite die brein, die menslike verstand voltooi en bydra tot die hoër vermoëns daarvan.

**Die ontbrekende bestanddeel**

Die idee wat Sperry en Penfield deur middel van hulle navorsing ontwikkel het naamlik dat die menslike verstand nie heeltemal tot die fisiese komponente van die brein gereduseer kan word nie en dit 'n *addisionele* element besit – word in die geïnspireerde bladsye van u Bybel weerspieël. Daar word aan ons vertel dat "dit die Gees in die mens [is], en die asem van die Almagtige wat hom verstandig maak" (Job 32:8). Dit is inderdaad die *gees in die mens* wat hom kennis en begrip gee: "Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God" (1 Korinthiërs 2:11). Dit is nie 'n onsterflike siel nie; dit is 'n noodsaaklike Godgegewe element van die sterflike menslike verstand wat mans en vrouens maak wie en wat hulle is.

Die gees in die mens en die merkwaardige menslike brein lewer saam die verskynsel wat ons as die menslike verstand ken. Net soos 'n speler wat by 'n klavier sit, musiek voortbring, werk die menslike gees en brein saam om gedagtes, planne en bewussyn moontlik te maak. Skei die speler en die klavier en die musiek stop. Skei ook die menslike gees van die menslike brein en gedagtes hou op. Die boek Psalms beskryf inderdaad die menslike toestand by die dood: "Sy gees gaan uit, en hy keer terug na sy aarde toe; op

*Vervolg op bladsy 19*

***Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik***

vol te wees.

Nou word daar van ons verwag om *moeder* en *vader* deur die neutrale *ouer* te vervang. Waarom? Wat is hierdie maatskaplike manipuleerders se doel? In die woorde van die voormalige UCLA-psigiater Miriam Grossman: "Hulle doel is 'n androgene kultuur, waar die verskille tussen manlik en vroulik nie in ag geneem word nie of ontken word en die verband tussen hulle beroof word van uitsonderlikheid" (*Unprotecte*d, bl. XXI). Hulle probeer nie slegs om die verskille tussen man en vrou te ontken nie; hulle wil met enige aspek van seksuele orde wegdoen. Meisies wil nou seuns word en andersom – dit maak egter geen sin nie, want selfs die benamings van "seun" en "dogter" word aangeval. Inderdaad is daar eintlik géén aspek van ons individualiteit wat nié aangeval word nie. Daar word in werklikheid géén aspek van ons individualiteit nié aangeval nie en beskuldigings word gemaak dat aanstoot gegee word teenoor enige nuwe poging van maatskaplike meningsvormers.

Sommige mense het al gewonder waarom ons by *Die Wêreld van More*, so baie oor die LGBTQIA+-beweging praat. Die rede is eenvoudig: Ons Skepper is besig om 'n plan uit te werk en die gesin is die middelpunt van hierdie plan. Die uiteensetting van die gebed wat Jesus vir sy dissipels gegee het, begin deur God as "Onse Vader" aan te spreek (Matthéüs 6:9). Christene word "seuns van God", "kinders van God", "erfgename van God en mede-erfgename van Christus" genoem (Romeine 8:14-17). Hierdie gedeelte gaan voort: "Want die skepping is aan nietigheid onderworpe – nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het – in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe" (vers 20-22). Ja, ons het die potensiaal om gebore te word in die Gesin van God!

Die menslike huweliksverhouding word vergelyk met die verhouding tussen Christus in die rol van die Man en die Kerk in die rol van Sy Vrou. "... want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word. Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente" (Efésiërs 5:29-32). Die boek Openbaring kyk na die toekoms wanneer die Kerk met Christus sal trou (Openbaring 19:6-9). Dit is nie 'n beskrywing van 'n poligame verhouding nie. In plaas daarvan sal die Kerk in geheel vir Christus die ondersteunende rol van 'n Vrou in die Koninkryk van God vervul.

**Weerstaan die God van hierdie tydperk**

Man, vrou, huwelik, gesin – dit is nie net belangrik nie, maar ook *noodsaaklik* om die doel waarvoor ons geskep is te vervul. Daar is tog 'n magtige geestelike wese wat haat wat God doen, wat geestelike verblinde mense werf in sy poging om God se plan vir die mensdom teen te werk. Die Bybel verwys na hierdie wederstrewige wese as "die god van hierdie wêreld" wat mense se sinne verblind vir die waarheid van die groot potensiaal wat aan ons gegee word (2 Korinthiërs 4:3-4). Dit is geen wonder dat Jesus drie keer na hierdie gees as "die owerste van hierdie wêreld" verwys het nie (Johannes 12:31; 14:30; 16:11). Hy word ook genoem "die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efésiërs 2:2).

Ons by *Die Wêreld van Môre* verstaan Bybelse profesie en weet waarheen hierdie sosiale tendense op pad is – reguit gemik op ons kinders en kleinkinders, soos dit gesien word deur die bogenoemde nuus uit Melbourne. Die dinge wat vandag ons kinders se tyd in beslag neem sal binne 'n paar jaar die norm word wanneer hulle geïndoktrineerde volwassenes word. Stel uself

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

voor dat hierdie volgende generasie groot word sonder om na "Mamma en Pappa" te verwys.

Die Bybel sê vir ons dat die eindtyd soos die dae van Noag sal wees (Lukas 17:26-27), waartydens die aarde "gevul was met geweld" en "dat al die versinsels wat hy in sy hart bedink altyddeur net sleg was" (Génesis 6:5, 11). Verder word die eindtyd vergelyk met die antieke stad Sodom, wat bekend was vir seksuele losbandigheid en verdorwenheid (Lukas 17:28-29; Génesis 19). Jesaja waarsku: "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter" (Jesaja 5:20).

Ja, die wêreld het kranksinnig geword en daar is fisiese en geestelike wesens agter hierdie gekkespul wat ons sien. Gaan voort om die tydskrif, *Die Wêreld van Môre,* te lees vir meer begrip van wat voorlê!



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**